

’N SITOGENETIESE ONDERSOEK VAN

SUIDER-AFRIKAANSE

KORTHORINGSPRINKANE

deur


Annabel Fossey

**Voorgelê ter vervulling van ’n deel
van die vereistes vir die graad
D. Sc. in die Fakulteit Natuurwetenskappe
(Departement Genetika)
Universiteit van Pretoria
Pretoria**

Julie 1985

DANKBETUIGINGS

Hierdie proefskrif dra ek aan my familie op, sonder wie se aanmoediging en ondersteuning dit nooit voltooi sou word nie.



’n Spesiale woord van dank aan Hester van Lelyveld wat so geduldig die vele berekenings gedoen het.

Aan professor H. Liebenberg, my waardering, veral vir die voorbereiding van die mikroskopiese-preparate.

Dr. Dick Brown, baie dankie vir u bereidwilligheid om die menigte sprinkane te klassifiseer.

INHOUDSOPGAW

	Bladsy
1 <u>ALGEMENE OORSIG</u>	1
1.1 <u>INLEIDING</u>	2
1.2 <u>CHROMOSOMALE VARIASIE BINNE BEVOLKINGS</u>	6
1.2.1 INVERSIEPOLIMORFISMES	6
1.2.1.1 Parasentriese inversie-polimorfismes	6
1.2.1.2 Perisentriese inversie-polimorfismes	7
1.2.2 RESIPROKE TRANSLOKASIES	9
1.2.2.1 Resiproke translokasies sonder 'n basiese aantal verandering	9
1.2.2.2 Sentriese vereniging-translokasies	12
1.2.3 HETEROCHROMATIENPOLIMORFISMES	13
1.2.4 B-CHROMOSOOMPOLIMORFISMES	18
1.3 <u>CHROMOSOMALE VARIASIE TUSSEN BEVOLKINGS - POLITIPIISMES</u>	23
1.4 <u>INTERSPESIEEVERSKILLE</u>	24
1.5 <u>GESLAGSCHROMOSOOMSTELSELS</u>	28
1.6 <u>PARTENOGENESE</u>	31
1.7 <u>CHIASHAPATRONE</u>	33
1.7.1 STELSELS VAN REKOMBINASIEBEPERKING	33
1.7.2 DITAKTIESE BIVALENTE	35
1.8 <u>DIE SITOGENETIKA VAN SUIDELIKE AFRIKAANSE SPRINKANE</u>	36
1.9 <u>TERMINOLOGIE</u>	41

2	<u>MATERIAAL EN METODEDES</u>	51
2.1	<u>INSAMELING VAN MATERIAAL</u>	52
2.2	<u>VOORBEREIDING VAN MATERIAAL VIR SPERMATOGENESE-PAPDRUKKE</u>	52
2.2.1	FIKSERING	52
2.2.2	PAPDRUK EN PERMANENTMAKING	53
2.3	<u>SPERMATOGENESE-ANALISE</u>	54
2.3.1	INLEIDING	54
2.3.2	METAFASE I ANALISES	55
2.3.3	CHROMOSOOMMETINGS	55
2.3.4	BYKOMSTIGE ANALISES	56
3	<u>RESULTATE</u>	61
3.1	<u>DATA-INSAMELING</u>	63
3.2	<u>VERWERKING VAN DIE DATA</u>	64
3.2.1	DIE EFFEKTIEWEIT VAN DIE VERSKILLENDE METODEDES VAN SITOGENETIESE ANALISES EN VERWERKING VAN DIE RESULTATE	64
3.2.1.1	Bivalenttipe-analise, chiasma-analise en statistiese verwerkings	64
3.2.1.2	Idiogramme	68
3.3	<u>BESPREKING VAN DIE RESULTATE</u>	69
3.3.1	CHIASHMATERMINALISASIE	69
3.3.2	CHIASHAFREKWENSIES EN VERHOUDINGS TUSSEN BIVALENTE MET EEN CHIASMA TOT DIE MET MEER AS EEN	69
3.3.3	DIE KARIOTIPES VAN DIE VERSKILLENDE SPRINKAANFAMILIES	73
3.3.4	DIE VOORKOMS VAN CHIASHATA	74
3.3.4.1	Afwesigheid van chiasmata	74

3.3.4.2	Die beheer van die posisie en aantal chiasmata	75
3.3.5	BIVALENTTIPES BY MEIOSE	75
3.3.6	POLIMORFISMES	76
3.3.6.1	Perisentriese inversiepolimorfismes	76
3.3.6.2	B-heterochromatienpolimorfismes	77
3.3.6.3	Wins-aneuploëdie	83
3.3.7	POLITIPISMES	85
3.3.7.1	Kariotipiese politipismes	86
3.3.8	INTERSPESIEEVERSKILLE	90
3.3.8.1	Kariotipiese verskille	90
3.3.8.2	Die mate van rekombinasie	92
3.3.9	DIE VOORKOMS VAN DITAKTIESE BIVALENTE	93
3.3.10	ASINAPSE VAN HOMOLOË CHROMOSOOMPARE	94
4	<u>ALGEMENE BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS</u>	171
4.1	<u>INLEIDING</u>	172
4.2	<u>DIE BRUIKBAARHEID VAN DIE VERSKILLENDE METODES VAN ANALISE</u>	172
4.3	<u>KARIOTIPIESE VARIASIE IN SUIDELIKE AFRIKAANSE SPRINKAANSPESES</u>	173
4.4	<u>POLIMORFISMES</u>	175
4.4.1	PERISENTRIESE INVERSIEPOLIMORFISMES	175
4.4.2	B-HETEROCHROMATIENPOLIMORFISMES	176
4.4.3	ANEUPLOËDIE	177
4.5	<u>POLITIPISMES</u>	177
4.6	<u>INTERESSANTE CHIASMATRONNE</u>	179
4.7	<u>DITAKTIESE BIVALENTE</u>	181

4.8	<u>GENERA EN ANDER SPESIES VAN BESONDERE BELANG</u>	181
4.8.1	<u>GYMNOBOTHRUS (ACRIDIDAE)</u>	181
4.8.2	<u>OEDALEUS (ACRIDIDAE)</u>	182
4.8.3	<u>PYRGOMORPHA (PYRGOMORPHIDAE)</u>	182
4.9	<u>GEVOLGTREKKINGS</u>	182
5	<u>LITERATUUR</u>	187
	OPSOMMING	199
	SUMMARY	201
	AANHANGSEL A	
	AANHANGSEL B	

1 ALGEMENE OORSIG

1.1 INLEIDING

1.2 CHROMOSOMALE VARIASIE BINNE BEVOLKINGS

1.2.1 INVERSIEPOLIMORFISMES

1.2.1.1 Parasentriese inversiepolimorfismes

1.2.1.2 Perisentriese inversiepolimorfismes

1.2.2 RESIPROKE TRANSLOKASIES

1.2.2.1 Resiproke translokasies sonder 'n basiese-aantal verandering ('Interchanges')

1.2.2.2 Sentriese verenigingstranslokasies ('Robertsonian fusions'; 'Translocations')

1.2.3 HETEROCHROMATIENPOLIMORFISMES

1.2.4 B-CHROMOSOOMPOLIMORFISMES ('Supernumerary chromosomes')

1.3 CHROMOSOMALE VARIASIE TUSSEN BEVOLKINGS - POLITIPISMES

1.4 INTERSPESIEEVERSKILLE

1.5 GESLAGSCHROMOSOOMSTELSLS

1.6 PARTENOGENESE

1.7 CHIASHMAPATRONE

1.7.1 STELSLS VAN REKOMBINASIEBEPERKING

1.7.2 DITAKTIESE BIVALENTE

1.8 DIE SITOGENETIKA VAN SUIDELIKE AFRIKAANSE SPRINKANE

1.9 TERMINOLOGIE

1 ALGEMENE OORSIG

1.1 INLEIDING

Korthoringsprinkane behoort tot die insekorde **ORTHOPTERA**, suborde **CALIFERA** (sowat 10 000 spesies). Sprinkane het besonder groot chromosome, en is uiters geskik vir sitogenetiese studies, gevolglik is talle ondersoeke op natuurlike bevolkings deur 'n groot aantal outeurs gedoen. Baie voorbeelde van chromosomale variasie binne, sowel as tussen spesies, hoofsaaklik as gevolg van inversies, translokasies, geslagschromosoomherrangskikkings, B-chromosome en heterochromatien-segmente is aangetoon. Hierdie magdom van informasie is deur verskeie outeurs opgesom. Die belangrikste hiervan is:

Animal cytogenetics, Vol 3, Insecta 1, G.M. Hewitt, 1979.

Chromosomes in evolution of eukaryotic groups, Vol 1, A. K. Sharma & A. Sharma, 1983.

Animal cytology and evolution, 3de uitgawe, M.J.D. White, 1973.

Die mate en tipe kariotipiese-ewolusie verskil in die verskillende groepe; so kan die superfamilie **ACRIDOIDEA**, wat relatief min chromosoomvariasie vertoon, as kariotipies konserwatief beskou word, teenoor die superfamilie **EUNASTACOIDEA** wat meer kariotipiese variasie vertoon. Die mate

van kariotipiese konserwatisme verskil ook van familie tot familie.

Die familie **EUMASTACIDAE** (superfamilie: **EUMASTACOIDEA**) is die grootste sprinkaanfamilie, en word in 21 subfamilies verdeel, wat diverse kariotipes bevat. Aangesien net sowat 15 van die 21 subfamilies sitogeneties ondersoek is, is dit moeilik om die 'primitiewe' kariotipe te identifiseer. Die algemene opvatting uit die literatuur is dat die kariotipiese samestelling van $2n\sigma=21(XO)$ van die Ou Wêreld subfamilies (**CHROTYPINAE**, **ERUCIINAE**, **PSEUDOSCHMIDTIINAE** en **MASTACIDEINAE**), waarskynlik as die 'primitiewe' kariotipe beskou kan word (Hewitt, 1979). Die subfamilies van Afrika, **PSEUDOSCHMIDTIINAE** en **THERICLEINAE** blyk om meer konserwatief ten opsigte van chromosoomaantalle te wees. Die algemene chromosoomaantal van **PSEUDOSCHMIDTIINAE** is $2n\sigma=21$, maar $2n\sigma=19$ is ook aangetoon (White, 1965, 1973). Die chromosoomaantalle, in teenstelling, van **THERICLEINAE** is hoofsaaklik $2n\sigma=17$ en 19, maar 'n voorbeeld van $2n\sigma=16$ is ook gevind (White, 1965, 1970, 1973). Die Australiese subfamilie **MORABINAE**, wat reeds intensief bestudeer is, toon ook in teenstelling, 'n 'primitiewe' chromosoomaantal van $2n\sigma=17(XO)$. Aantalle van $2n\sigma=21$, 19, 18, 16, 15 en 13 is ook gevind (White, 1973).

Baie honderde spesies van die superfamilie **ACRIDOIDEA** is reeds ondersoek. Die algemene kariotipiese opset is $2n\sigma=23(XO)$. 'n Groot mate van kariotipiese konserwatisme bestaan in hierdie groep. Die kariotipes word gekenmerk daarin dat hulle

hoofsaaklik akrosentriese chromosome bevat. Die families **CHARILAIIDAE**, **LENTULIDAE** en **PAULINIIDAE** toon die tipiese **ACRIDIDAE** kariotipiese samestelling van $2n\sigma^{\uparrow}=23(XO)$, met al die chromosome akrosentriese. Die families **PAMPHAGIDAE** en **PYRGOMORPHIDAE** is blykbaar minder verwant, en het 'n algemene kariotipiese samestelling van $2n\sigma^{\uparrow}=19(XO)$ met chromosome almal akrosentriese. Binne die Pyrgomorfgroep, het sentriese verenigingstranslokasies ("Robertsonian fusions") 'n uitsonderlike variasie in kariotipiese samestelling veroorsaak, waar die verskillende aantalle van $2n\sigma^{\uparrow}=19, 18, 17, 15$ en 11 voorkom (Rao, 1937; Momma, 1943; White, 1973). Alhoewel dit in die literatuur veralgemeen word, vir die Pyrgomorfgroep as geheel, kom dié reeks, uitgesonder $2n\sigma^{\uparrow}=17$, hoofsaaklik in die Suid-Afrikaanse genus Pyrgomorpha, voor (White, 1973). McClung vind die $2n=17$ by 'n enkele Sphenarium individu (Rao, 1937). Outosoom-outosoom sentriese verenigingstranslokasies het wel in 'n paar genera van die **ACRIDIDAE** 'n basiese-aantal verlaging na $2n\sigma^{\uparrow}=21, 19$ en 17 veroorsaak (White, 1973). 'n Klompie genera se $2n\sigma^{\uparrow}$ -aantal is laer as 23 , maar al die chromosome is akrosentriese. Hier is die sentriese verenigingstranslokasie waarskynlik deur 'n perisentriese inversie opgevolg. Dit blyk dat daar een of ander seleksie teen die fiksasie van metasentriese chromosome in die **ACRIDOIDEA** bestaan.

Die **PNEUMORIDAE**, **XYRONOTIDAE** (superfamilie: **PNEUMOROIDEA**) en **TRIGONOPTERYGIDAE** (superfamilie: **TRIGONOPTERYGOIDEA**) se $2n\sigma^{\uparrow}=23(XO)$ en alle chromosome is akrosentriese. Die drie superfamilies **PNEUMOROIDEA**, **TRIGONOPTERYGOIDEA** en **ACRIDOIDEA**

het ewolusionêr waarskynlik uit 'n $2n\sigma=23(XO)$ kariotipe ontwikkel.

Meeste **ORTHOPTERA** se geslagschromosoomstelsels is $XO\sigma/XX\eta$ en dit kan dus aanvaar word as die basiese en 'primitiewe' tipe. Sentriese verenigingstranslokasies tussen die geslagschromosome en outosome is verantwoordelik vir die ontstaan van ander tipes geslagschromosoomstelsels.

Van die sowat 530 **ACRIDOIDEA** spesies wat ondersoek is, is 40 (7,55%) $neo-XY\sigma$ en 7 (1,32%) $neo-X_1X_2Y\sigma$, terwyl van die ongeveer 300 spesies **EUMASTACOIDEA** wat ondersoek is, is 17 (5,67%) $neo-XY\sigma$ en 14 (4,67%) $neo-X_1X_2Y\sigma$ (Hewitt, 1979).

Die sitogenetika van die verskillende groepe is baie uiteenlopend, asook die ewolusionêre patrone van die groepe. Dit is hierdie breë spektrum van sitogenetiese verskynsels by sprinkane wat hulle so besonder waardevol maak, veral ten opsigte van die bestudering van kariotipiese-ewolusionêre sisteme.

Elke tipe strukturele verandering van chromosome het hul eie unieke effek op faktore soos rekombinasie, chromosoomgedrag, fertiliteit en spesiasie. Dit is sinvol om elkeen afsonderlik in terme van hul relatiewe ewolusionêre inslag op die verskillende groepe te beskou. Gerieflikheidshalwe kan die chromosoomvariasies onder die volgende hoofde bespreek word:

I Chromosoomvariasies

II Politipiese-bevolkings

III Interspesiesverskille

Om 'n volledige beeld van die huidige stand van sprinkaansitogenetika te kry, moet aspekte soos geslagschromosoomverskille, partenogenese en chiasmapatrone ook beskou word.

Uit die literatuur is dit duidelik dat min navorsing op oögenese gedoen is, weens die moeilikheidsgraad daarvan. In hierdie oorsig sal na die belangrikste studies verwys word.

1.2 **CHROMOSOMALE VARIASIE BINNE BEVOLKINGS**

1.2.1 **INVERSIEPOLIMORFISMES**

Die voorkoms van parasentriese inversies is baie skaarser as dié van perisentriese inversies by sprinkane. Volgens White (1973) is inversies absolute oorkruisingonderdrukkers, omdat geen lusse by pachiteen waargeneem is nie. Haines, Roberts en Lattin (1978) glo dat 'n meer in diepte studie van pachiteenselle nodig is, weens 'n paar aanduidings van lusvorming, en dat oorkruising wel soms in die inversiesegment voorkom.

1.2.1.1 **Parasentriese inversiepolimorfismes**

Die enigste werklike parasentriese inversiepolimorfisme wat beskryf is, is deur Haines et al. (1978) by Boonacris alticola gevind. In 1975 is 15 mannetjies en in 1976 40 mannetjies

vanaf Mary's Peak, Oregon in die V.S.A. versamel. Van die 1975 groep was 9 (60%) en 25 (62%) van die 1976 groep heterosigoties vir 'n parasentriese inversie. 'n Sitogenetiese ondersoek van die inversieheterosigote het liniêre paring (nie-homoloë paring van die inversiesegment), onversadigde paring (asinapse van die inversiesegment) en lusparing aangetoon. By anafase I is brûe sowel as fragmente gevind wat 'n direkte aanduiding van lusparing van die inversieheterosigoot is.

'n Verdere paar enkele individue, heterosigoties vir 'n parasentriese inversie, is ondersoek. By Camnula pellucida (Nur, 1968), Chorthippus parallelus (Haines et al., 1978) en Oedaleonotus enigma (Hewitt, 1979) is aanduidings van sigopachiteen lusparing na 'n ondersoek van anafase I verkry, waar brûe en fragmente waargeneem is.

1.2.1.2 **Perisentriese inversiepolimorfismes**

Perisentriese inversies is deur 'n reeks outeurs by sprinkane beskryf. Die hoofgroepe waar dit aangetoon is, is in die Trimerotropiene van die V.S.A. (seksie van die genus Trimerotropis, die hele genus Circotettix en 'n enkele spesie van die genus Aerochoreutes); die Morabiene van Australië; 'n enkele spesie van Orthacris van Indië; Cryptobothrus chrysophorus en Austroicetes interioris, beide vanaf Australië.

Relatiewe komplekse interaksies word verwag as 'n polimorfe stelsel meer as een inversie betrek. Die enigste so 'n geval gerapporteer by sprinkane is in die Australiese Warramaba

(=Keyacris=Moraba) scurra. Twee chromosome (CD en EF) vertoon 'n reeks verskillende perisentriese inversies, wat volgens hul geografiese herkoms benaam is. Die standaard (St) vorm van CD is metasentriese, terwyl die inversies akrosentriese is, nl.: Blundell (B1), Molonglo (Mol) en Snowy (Sn). Mol het 'n relatief beperkte verspreiding, terwyl Sn slegs op een lokaliteit aangetoon is. Die metasentriese EF chromosoom is die standaard (St'), terwyl die inversiechromosoom, Tidbinbilla (Td), akrosentriese is. Die mees algemene chromosomale samestelling is StB1 (CD chromosoom) en St'Td (EF chromosoom) (White, 1973; Hewitt, 1979; Sharma & Sharma, 1983). Lewontin en White (1960) stel dat die frekwensies van die verskillende kariomorfe oor jare konstant bly, maar Colgan en Cheney (1980) het by Murrumbateman aangetoon dat dit nie die geval is nie. Hulle vind betekenisvolle interaksie tussen jaar en kariomorffrekwensie aan die een kant, en geslag en kariomorffrekwensie aan die ander kant. Die kariomorffrekwensie van Murrumbateman is nie stabiel nie en dit bevraagteken White en sy medewerkers se afleidings, ten minste vir hulle bevolkings.


In drie bevolkings Wombat, Wallendbeen en Murrumbateman is CD en EF standaard liggaamsvergroterend, terwyl Blundell en Tidbinbilla liggaamsverkleinerend is. Die Royalla-bevolking toon geen betekenisvolle verskille tussen die verskillende kariomorfe nie (Hewitt, 1979).

Daar is reeds sowat dertig spesies met perisentriese inversiepolimorfismes aangetoon (Hewitt, 1979; Cabrero & Camacho, 1982).

1.2.2 RESIPROKE TRANSLOKASIES

Resiproke translokasies kan gerieflikheidshalwe in twee klasse onderverdeel word, nl: translokasies wat nie 'n basiese aantal verandering tot gevolg het nie, aan die een kant, teenoor translokasies wat wel 'n basiese aantal vermindering tot gevolg het. Die laaste groep kan verder onderverdeel word in sentriese verenigingstranslokasies en tandem verenigingstranslokasies.

FIGUUR 1.1 Resiproke translokasietipes



1.2.2.1 Resiproke translokasies sonder 'n basiese aantal verandering ('Interchanges')

Alhoewel dié tipe resiproke translokasies relatief gereeld by **ORTHOPTERA** as chromosoommutasies voorkom, bestaan geen

voorbeeld by sprinkane waar hulle daarin geslaag het om polimorf te raak nie. Meeste sprinkane se chromosome is akrosentrië en na so 'n translokasie sal die betrokke chromosome grootskaalse probleme tydens gametogenese ondervind. Indien sinapse en oorkruising sodanig is dat twee bivalente ontstaan, is gemiddeld 50% gamete onvrugbaar weens duplikasies en deleesies, tensy 'n meganisme vir selektiewe segregasie bestaan. Indien die chromosome lank genoeg is, en 'n kruisfiguur ontstaan by pachiteen, kan, afhangende van die chiasmata wat voorkom, twee bivalente, 'n trivalent en 'n monovalent of 'n kwadrivalent ontstaan. Al hierdie assosiasies het ook 'n hoë vlak van steriliteit tot gevolg. By submeta- en metasentriese chromosome blyk sake 'n bietjie meer belowend. Hier word 'n hoë persentasie kwadrivalentparing verwag en indien geen interstisiële oorkruising sou voorkom nie, gesamentlik met 'n meganisme wat alternatiewe segregasie verseker, het so 'n translokasie 'n redelike kans om polimorf te raak. Die voorkoms van interstisiële oorkruisings is reeds deur 'n aantal outeurs beskryf by onder andere: Acrida lata, Chorthippus brunneus, Chrotogonus trachypterus, Cibolacris parviceps, Omocestus viridulus en Melanoplus differentialis (Hewitt, 1979).

Dit is by 'n paar gevalle aangetoon dat die kwadrivalent tot 'n hoë mate spesifiek oriënteer. By Melanoplus differentialis en Chorthippus brunneus is hierdie oriëntasie sodanig dat dit tot 'n baie hoë persentasie onvrugbaarheid lei (Sharma & Sharma,

1983). Dit is dus nie onverwags dat so 'n polimorfe stelsel nie by sprinkane aangetoon is nie.

'n Aantal outeurs het oor enkele individue, wat waarskynlik 'n resiproke translokasie bevat, gerapporteer, by onder andere; Cryptobothrus chrysophorus, Warramaba scurra, Trimerotropis citrina, T. gracilis, T. suffusa, 'n ongenaamde Morabiene sprinkaan (White, 1973), Chorthippus brunneus, Melanoplus differentialis (Sharma & Sharma, 1983), Euchorthippus pulvinatus gallicus, Acrida lata, Cibolacris parviceps, (Arana, Santos, & Giráldez, 1980), Eyprepocnemis plorans (Arana, Santos, Henriques-Gil, Giráldez, 1983) en Valanga nigrocornis (Teoh & Yong, 1983).

In die Suid-Kaliforniese sprinkaan Cibolacris parviceps, het 'n resiproke translokasie die chiasmafrekwensie in ander bivalente verhoog (Hewitt, 1979), terwyl by Valanga nigrocornis is die chiasmafrekwensie betekenisvol verlaag in die langer en medium chromosome (Teoh & Yong, 1983).

Henriques-Gil, Arana & Santos (1983) het 'n Eyprepocnemis plorans individu met 'n resiproke translokasie tussen 'n outosoom en 'n B-chromosoom gevind.

Die oriëntasie van die kwadrivalent by metafase I, asook die chiasmafrekwensie per sel, is by Eyprepocnemis plorans en Euchorthippus pulvinatus gallicus deur Arana en sy medewerkers (1980, 1983) ondersoek. Die chiasmafrekwensie is hoër in die

heterosigotiese translokasie-individue as in die normale individue. Studies van die frekwensie voorkoms van die verskillende metafase I-kwadrivalentkonfigurasies, ondersteun die hipotese dat die oriëntasiegedrag van die ruimtelike afstande van die sentromere afhanklik is, wat op hulle beurt weer afhanklik van die posisie van die chiasmata in die kwadrivalent is.

1.2.2.2 **Sentriese verenigingstranslokasies** (‘Robertsonian fusions’, ‘Translocations’)

Die ontstaan van ’n sentriese verenigingstranslokasie kan volgens Moens (1978), op twee verskillende wyses gebeur. ’n Elektronmikroskopiese ondersoek van die sinaptonemal kompleks wys ’n enkele sentriese struktuur by Chorthippus longicornis en Chloealtis conspersa, maar twee by Neopodismopsis abdominalis. Hieruit lei Moens af dat so ’n chromosoom deur die samesmelting van sentromere, of deur resiproke translokasie en sentriese fragmentverlies kan ontstaan.

Slegs vyf voorbeelde van spontane sentriese verenigingstranslokasie-individue wat ’n verskeidenheid van trivalentoriëntasies vertoon, is gevind. Alternatiewe segregasie varieër van 40 - 100%. By Acrida lata is daar ’n lae persentasie korrekte oriëntasie (40%), terwyl by Myrmeleotettix maculatus is dit hoog (100%) (Hewitt, 1979).

Die beste kandidaat vir ’n sentriese verenigingstranslokasie-polimorfisme is waarskynlik die Noord-Amerikaanse sprinkaan

Oedaleonotus enigma. Die heterosigote is relatief volop. Die segregasie van die trivalent is omtrent perfek (Hewitt, 1979; Sharma & Sharma, 1983).

By Eyprepocnemis plorans is 'n individu met 'n X-B-chromosoom sentriese verenigingstranslokasie gevind (Henriques-Gil et al., 1983). Dit is 'n moontlike metode vir die integrasie van B-chromosome in die normale kariotipe (Hewitt, 1973a).

1.2.3 **HETEROCHROMATIENPOLIMORFISMES**

Uit die literatuur blyk dit dat konstitutiewe heterochromatien blykbaar fundamenteel tot die **ORTHOPTERA**-genoom is, en in verskeie vorms voorkom. Gerieflikheidshalwe kan hierdie heterochromatien volgens die voorbereidings van die preparate, in twee groepe verdeel word:

I Heterochromatien wat opwys by spermatogenese-papdrukpreparate wat onder andere deur karmyn of orseien gekleur is tydens profase I. Die heterochromatien wat op hierdie voorbereidingsmetode opwys is onder andere die heterochromatien om die sentromeer, outosome wat feitlik volkome heterochromatien is (megameriese chromosome), die X-chromosoom en heterochromatiensegmente bykomstig tot die normale kariotipe. In hierdie studie word hierdie heterochromatiensegmente, B-heterochromatien genoem ('supernumerary segments').


II Heterochromatien wat opwys met spesiale Giemsa-kleuring van mitose-chromosome (C-bande). Bo en behalwe genoemde B-heterochromatien, maak hierdie voorbereiding nog veel meer intrachromosomale segmente sigbaar.

Die voorkoms van heterochromatien rondom die sentromeer is 'n algemene verskynsel van die **ORTHOPTERA**-chromosome.

In sommige spesies is een van die chromosome feitlik volkome heterochromaties. Hierdie chromosoom, die megameriese chromosoom, is gewoonlik die derde kleinste van die genoom. Aan die ander kant, is hierdie chromosoom weer volkome euchromaties in ander spesies, en gevolglik nie megameries nie. Hierdie chromosoom vorm gereeld 'n sekondêre assosiasie met die X-chromosoom, wat dieselfde kondensasiegedragpatroon tydens spermatogenese het.

B-heterochromatien kom in 'n groot aantal sprinkanspesies voor. Dit is veral volop in die **ACRIDOIDEA**, maar besonder skaars in die **EUMASTACOIDEA**. Weens hul fisiese verbintenis met die normale kariotipe, word hulle saam oorgeërf. Behalwe vir 'n effek op meiose, is op die huidige geen ander fenotipiese verskille tussen individue met en individue sonder B-heterochromatien gerapporteer nie. Dit is waarskynlik nie lewensnoodsaaklik nie. Beide tipes individue kom saam in bevolkings voor. Die verskillende posisies van B-heterochromatien in 'n chromosoom word deur Figuur 1.2 weergegee.

FIGUUR 1.2 Tipes B-heterochromatiensegmente benaam ten opsigte van hul posisie, met die sentromeer as die verwysingspunt (Hewitt, 1979).



*** B-heterochromatiensegment

Bevolkingstudies om die effek van B-heterochromatien te ondersoek is skaars. Die grootste ondersoek is op Chorthippus parallelus gedoen. Hewitt en John (1968) ondersoek veertien Britse bevolkings en vind hulle vertoon B-heterochromatienpolimorfismes vir chromosome M7 en S8 (volgens hulle terminologie). Al nege moontlike kariomorfe is gevind, en kom in verskillende frekwensies in die verskillende bevolkings voor. Westerman (1969) kry parallelle resultate in sewe Franse bevolkings. Die bevolkings van hierdie twee verspreidingsgebiede het waarskynlik 'n gemeenskaplike oorsprong. 'n Oostenrykse bevolking wat deur Westerman (1970) ondersoek is, toon B-heterochromatienpolimorfismes vir chromosome M6, M7 en S8. Uit die 27 moontlike kariomorfe is 11 reeds gevind. Die effekte van die segmente van die drie chromosome op chiasmafrewensie, is additief, met die kwalifikasie dat daar 'n disproporsionele verhoging by onewe aantal segmente teenoor ewe aantal segmente bestaan; die 'odds and evens' effek.

B-heterochromatien word gewoonlik distaal in die klein chromosome van die sprinkaangenoem aangetref. 'n Spaanse bevolking van Chorthippus jucundus is polimorf vir B-heterochromatien in een van die lang chromosome (John, 1973). In 'n paar gevalle is B-heterochromatien nie distaal geleë nie. Stethophyma lineatum is polimorf vir interstisiële B-heterochromatien in chromosoom M9 (megameriese chromosoom) (Fontana & Vickery, 1974), terwyl by 'n Caledia spesie is B-heterochromatien proksimaal aangetref (Hewitt, 1979). Daar bestaan ook 'n aantal voorbeelde van ekstrinsieke B-heterochromatien; Pedioscirtetes nevadensis, Melanoplus infantalis, Chortoicetes terminifera en Phaulacridium marginale (Hewitt, 1979).

Die teenwoordigheid van B-heterochromatien het verskeie effekte. In sowat agt spesies wat ondersoek is, veroorsaak B-heterochromatien 'n verhoging in die gemiddelde chiasmafrekwensie (Westerman, 1970; Shaw, 1971; Schroeter & Hewitt, 1974; Hewitt, 1979; Jones & Rees, 1982;). Vier Atractomorpha spesies, aan die ander kant, toon 'n verlaging in die gemiddelde chiasmafrekwensie (Jones & Rees, 1982).

Church (1974) ondersoek Camnula pellucida B-heterochromatien heterosigote en vind in 38% meiosiete heterochromatien-X-chromosoom assosiasies. Die vraag ontstaan of hier nie 'n interpretasie-fout is nie en dat hierdie verskynsel 'n fiksasie artifak is nie.

Garcia-Lafuente, López-Fernández en Gonzálves (1983) wys daarop dat by Gomphocerus sibiricus, die chromosoompaar wat heterosigoties is vir 'n distale B-heterochromatiensegment, eienaardige assosiasies vertoon. Met sinapse is die chiasma gewoonlik distaal, maar indien B-heterochromatien voorkom, is dit hoofsaaklik proksimaal geleë. Sulke bivalente vertoon ook soms 'n assosiasie tussen die distale arms (een arm met, en een arm sonder B-heterochromatien). Indien die chromosome nie sinapse ondergaan nie, vertoon hulle soms 'n punt-tot-punt assosiasie van die sentromere.

Indien spesiale kleuring toegepas word om heterochromatienblokke (C-bande) op te wys, kan die effek op posisie van chiasma bestudeer word. Klášterská, Natarajan en Ramel (1974) het die verband van hierdie heterochromatien en die ekstreme lokalisasie van chiasmata by Bryoderma tuberculata vasgestel. Chromosome 6 en 9 het twee heterochromatienblokke, een proksimaal en die ander interstisieël tot die sentromeer geleë. Die chiasma is altyd tussen dié blokke, terwyl chromosoom 5 en 11 een groot proksimale blok bevat met 'n distale chiasma. Die ander chromosome het distaalgeleë heterochromatien en die chiasma is langs hierdie blok.

John (1981) het sowat 50 Australiese bevolkings Atractomorpha similis ondersoek. Hulle is hoogs polimorf vir C-bande. Die effek van distale heterochromatien in chromosome 4, 5 en 6 is intensief ondersoek. Bivalente sonder C-bande het 'n hoë

persentasie distale chiasmata getoon. Bivalente heterosigoties vir C-bande het baie meer proksimale chiasmata getoon. Die homosigote vir C-bande het 'n neiging tot proksimale chiasmata asook 'n relatief hoë frekwensie van interstisiële chiasmata vertoon. Dit blyk asof die heterochromatien die posisie van die chiasma/weg skuif in die rigting van die sentromeer.

1.2.4 **B-CHROMOSOOMPOLIMORFISMES** (`Supernumerary chromosomes`)

Die voorkoms van B-chromosome is 'n relatief algemene verskynsel by sprinkane. Dit is reeds by ongeveer 100 verskillende sprinakaanspesies aangetoon (Jones & Rees, 1982). Ongelukkig is min B-chromosoompolimorfismes in detail bestudeer.

B-chromosome is nie noodsaaklik vir die normale ontwikkeling van 'n individu nie. Min outeurs rapporteer enige fenotipiese effekte. In 'n paar gevalle is wel fenotipiese effekte beskryf. In Myrmeleotettix maculatus word embrio-ontwikkeling sowel as latere ontwikkeling vertraag (Jones & Rees, 1982). Die femurlengte en vrugbaarheid van Camnula pellucida mannetjies word verminder (Nur, 1969).

B-draende individue kom saam met individue daarsonder in dieselfde bevolking voor. In die Europese sprinakaan Myrmeleotettix maculatus is die twee tipes gewoonlik nie fenotipies onderskeibaar nie. Die voorkoms van B-draende

individue is gekorreleerd met die klimaatsomstandighede. Die bevolkings van die natter, kouer, noordelike dele van Brittanje het geen B-draende individue nie, terwyl die droër, warmer, suidelike dele, bevolkings met B-draende individue het teen verskillende frekwensies (Hewitt & John, 1967). 'n Soortgelyke effek kom by die bevolkings van die Baltiese eiland Oland voor (Ramel, 1980).

Die kondensasiepatroon van die B-chromosoom tydens meiose is gewoonlik soortgelyk aan dié van die meeste X-chromosome wat heteropiknoties is. In 'n paar spesies is 'n tipe van X-chromosoom-B-chromosoom sekondêre assosiasie tydens meiose aangetoon. Rothfels (Hewitt, 1973a; Jones & Rees, 1982) het reeds in 1950 beweer dat in sekere gevalle die B-chromosoom uit 'n X-chromosoom ontstaan het deur 'n distale delesie. Die assosiasies wat by sprinkane aangetoon is, is as gevolg van strukturele ooreenstemming tussen die X- en B-chromosome. X-B-chromosoomassosiasies as gevolg van strukturele ooreenstemming is onder andere by Boonacris variegata, Chortoicetes terminifera, Neopodismopsis abdominalis, Podisma marginale (Jones & Rees, 1982); Phaulacridium vittatum (Jackson & Cheung, 1967) en Podisma pedestris (Hewitt & John, 1972) gevind.

Die mees algemene effek wat die teenwoordigheid van B-chromosome op meiose het, is die verhoging van die gemiddelde chiasmafrewensie. In Myrmeleotettix maculatus kom twee verskillende tipes B-chromosome voor; B^m (metasentries) en Bsm

(submetasentries) (John en Hewitt, 1965a, 1965b). Beide hierdie chromosome het die effek van chiasmafrekwen sieverhoging (John & Hewitt, 1965a, 1965b; Hewitt & John, 1967). Die effekte van die B-chromosome verskil in die twee geslagte. Daar bestaan blykbaar 'n drempelwaarde vir die verhoging in chiasmafrekwen sie in mannetjies, want 1B en 2B individue het dieselfde verhoging in chiasmafrekwen sie, maar dit geld nie by die wyfies nie, waar 2B individue 'n heelwat hoër chiasmafrekwen sie het as die 1B individue (Hewitt, 1976). Die teenwoordigheid van B-chromosome veroorsaak 'n verhoging in die gemiddelde chiasmafrekwen sie by Acrotylus humbetianus (Sharma & Sharma, 1983), Eyprepocnemis plorans (Camacho, Carballo & Cabrero, 1980), Myrmeleotettix maculatus (John & Hewitt, 1965a, 1965b; Hewitt & John, 1967), Phaulacridium marginale, P. vittatum (Jones & Rees, 1982) en Podisma pedestris (Hewitt, 1975).

Die oorerwing van B-chromosome volg verskeie prosedures. Sommige B-chromosome kan tydens die kiemlyn mitotiese delings non-disjunksie ondergaan (mitoties onstabiel). Hierdie onstabiele B-chromosome ^{se gedrag} het die effek van ophoping, wat veroorsaak dat die interfollikulêre B-chromosoomaantal per sel verskil, maar binne follikels dieselfde is. Sommige ander B-chromosome, aan die ander kant, ondergaan meiotiese non-disjunksie (mitoties stabiel). In die geval van Myrmeleotettix maculatus is daar 'n opeenhopingsmeganisme van die B-chromosome in die oësiete.

Die asimmetriese vorm van die oësietspoel veroorsaak 'n verhoogde kans van

insluiting in die vormende eisel (Hewitt, 1976). Die gedrag van die B-chromosome by spermatogenese is normaal. 'n Seleksie teen B-draende sperme bestaan blykbaar na meiose of tydens bevrugting (Hewitt, 1979). Die tempo van B-chromosoomophoping is in 'n paar gevalle vasgestel. Dit varieër van 21% by Melanoplus femur-rubrum (Nur, 1977) tot 44% by Calliptamus palaestinensis (Nur, 1963). M. femur-rubrum het 'n mitoties onstabiele klein akrosentriese B-chromosoom sowel as 'n mitoties stabiele groot metasentriese B-chromosoom (Nur, 1977). Soortgelyke situasies bestaan by Gonista bicolor (Sharma & Sharma, 1983) en Podisma pedestris (Hewitt & John, 1972). Hewitt en John (1972) toon aan dat die B-chromosoom slegs in sommige individue mitotiese onstabiliteit in Miramella alpina vertoon.

In Myrmeleotettix maculatus is die frekwensie van B-draende individue op drie verskillende tye van die lewensiklus bepaal. Die wyfies lê hul eiers in die somer. Dié ouerlike generasie sterf in die herfs. Die eiers bly in diapouse tot die einde van die winter en broei in die lente uit om die volgende generasie te lewer. Die frekwensie B-draende individue van die ouers is heelwat laer as in herfs-eiers, terwyl die lente-eiers nog laer is, maar die nuwe volwassenes is weer soortgelyk aan die vorige generasie volwassenes (Robinson & Hewitt, 1976). Daar is gevind dat daar 'n verlaagde transmissie van B-chromosome in die mannetjies is, terwyl daar 'n verhoogde transmissie in die wyfies bestaan (Hewitt, 1973b). Die verlaging in transmissie by die mannetjies word nie heeltemal

gekompenseer deur die verhoging in transmissie by die wyfies nie, met 'n resultante verlaging van ongeveer 5% in die nuutgevormde sigote (Hewitt, 1973b). Die feit dat die herfs-embrios verhoogde B-draende frekwensies gehad het, kan verklaar word deur seleksie vir B-draende embrios voor die winter, maar 'n seleksie teen B-draende embrios gedurende die wintermaande. Om die B-draende frekwensie van die volwassenes weer te ewenaar aan die vorige generasie, is daar weer 'n seleksie teen die B-draende nimfe (Robinson & Hewitt, 1976).

Henriques-Gil, Santos en Arana (1984) rapporteer 'n intensiewe studie van die B-chromosome van die Spaanse Eyprepocnemis plorans-bevolkings. Hulle het reeds 14 verskillende B-chromosome (B1 tot -14) gevind wat meestal derivate van mekaar is. Meeste het 'n monofiletiese oorsprong, terwyl B3, -9, -10 en -11 waarskynlik 'n onafhanlike oorsprong het. Jones & Rees (1982) maak die stelling dat B-chromosome voorkom in bevolkings wat in optimale klimaatsomstandighede gevind word. Dit is beslis die geval in E. plorans waar B-chromosome teen die laagste frekwensies in die klein bevolkings van die droë dele van die Iberiese skiereiland voorkom. Die B's vertoon verskillende gedragpatrone tydens meiose. B1, -2, -4, -5, -6, -7 en -8 gaan onverdeelde na een pool (toevallige segregasie ten opsigte van die X-chromosoom), terwyl B3, -9, -10, -11, -12, -13 en -14 eers sloer en daarna chromatiedsegregasie ondergaan met gevolglike mikronukleusvorming.

1.3 CHROMOSOMALE VARIASIE TUSSEN BEVOLKINGS - POLITIPISMES

In sommige spesies verskil sommige bevolkings ten opsigte van hul kariotipes. 'n Spesie bevat dus verskillende chromosoomrasse. 'n Paar sprinkaanspesies is reeds geïdentifiseer om politipies te wees. Hierdie kariotipiese verskille kan as gevolg van verskillende oorsake wees. By sprinkane is die meeste verskille as gevolg van sentriese verenigingstranslokasies en heterochromatiensegmente.

Hewitt en sy medewerkers het oor baie jare 'n intensiewe studie van die vlerklose sprinkaan Podisma pedestris gedoen. In die Europese Alpe is bevolkings met $2n\sigma=23(X0)$ en $2n\sigma=22(XY)$ gevind. Die verskil in die kariotipes het ontstaan deur 'n sentriese verenigingstranslokasie tussen die X-chromosoom en die outosoom L3 (John & Hewitt, 1970). Morfologies is die verskillende rasse nie onderskeibaar nie. Hulle verskil wel in die totale hoeveelheid rekombinasie. Die neo-XY-ras het 'n verminderde rekombinasie as gevolg van die vermindering van die aantal koppelingsgroepe. Die outosoomarm van die neo-XY bivalent vertoon meer distale as proksimale chiasmata, asook 'n verlaging in die gemiddelde chiasmafrewkenskap (Hewitt & John, 1972). By 'n ondersoek van 'n bastersone, is baster-wyfies gevind (Hewitt, 1975; Barton & Hewitt, 1981a, 1981b; Sharma & Sharma, 1983). Die meiose-analises wys 'n baie hoë persentasie korrekte disjunksie van die geslagschromosoomtrivalent, maar daar bestaan 'n sterk seleksie teen F_1 basters. Die seleksie

is waarskynlik nie as gevolg van die kariotipiese verskille nie, maar liever as gevolg van genetiese onverenigbaarheid.

Ander voorbeelde waar sentriese verenigingstranslokasies verantwoordelik was vir die ontstaan van die verskillende chromosoomrasse, is by Warramaba scurra (White, 1973; Atchley, 1981; Sharma & Sharma, 1983) van Australië waar daar 'n translokasie tussen twee outosome was om die chromosoomrasse $2n\sigma=15$ en $2n\sigma=17$ te gee. 'n Soortgelyke situasie bestaan by die Noord-Amerikaanse Trimerotropiene; Trimerotropis gracilis sordida, T. gracilis gracilis en T. sparsa (White, 1973). White (1982) toon dat die Australiese spesie Geckomima arnhemana ook politipies is, met bevolkings van $2n\sigma=17$ en $2n\sigma=13$. Hier was twee sentriese verenigingstranslokasies verantwoordelik vir die ontstaan van die ander chromosoomrasse.

In die Australiese sprinkaan Cryptobothrus chrysophorus kom daar twee chromosoomrasse voor; een in die noorde van Nieu-Suid-Wallis en in die suide van Queensland; die ander ras in die suidelike deel van suidoos-Australië. Dié twee chromosoomrasse verskil in dié dat die noordelike ras se medium chromosome terminale blokke heterochromatien bevat (John, 1981).

1.4 INTERSPESIEVERSKILLE

Die studie van chromosoomsinapse tydens meiose is sekerlik die sensitiefste wyse om 'n indikasie van ooreenstemming

(homologie) of verskille tussen genome te kry. Chromosoomverskille binne 'n spesie (bv. polimorf of politipties) sal nie groot sinapseprobleme tydens meiose lewer nie, maar slegs aanleiding gee tot heteromorfiëse bivalente en/of effens verlaagde chiasmafreekwensies. Daar teenoor, en dit word uit die literatuur gestaaf, lei chromosoomverskille tussen spesies gewoonlik na 'n meiose wat hoogs abnormaal is met meer drastiese afwykings, waaronder veral asinapse voorkom. Paringsversperrings tussen individue kan bestaan, asook groot genetiese verskille in die beheer van meiose, wat 'n verlaagde sinapse tot gevolg het. Dit mag valslik 'n indruk van swak homologieskep.

Indien die bestudering van meiose van tussenspesiebasters moontlik is, is dit 'n sinvolle wyse om die mate van ooreenstemming (verwantskap) en strukturele verskille tussen die genome te kry.

In die literatuur is daar 'n hele aantal interspesiestudies opgeneem, sommige redelik uitgebreid en ander meer oppervlakkig.

In die Australiese sprinkaankompleks Caledia captiva bestaan nog vertwyfeling of van die taksa wel spesiestatus behoort te verkry. Verbasteringseksperimente gee sterk aanduidings dat hierdie kompleks wel in 'n aantal spesies verdeel kan word (Sharma & Sharma, 1983), en gevolglik vir die doel van hierdie oorsig by interspesieverskille bespreek word. Daar bestaan vier geografiese taksa; Daintree, Torresian, Moreton en Southeast, wat elk verskil ten opsigte van perisentriëse

inversies, dus sentromeerposisies, en heterochromatienposisies (Sharma & Sharma, 1983). Verbasterings tussen die verskillende taksa lewer in die meeste gevalle vrugbare F_1 , behalwe die kruisings met die Daintree takson, wat steriele F_1 lewer. Daintree is sekerlik 'n subsesie. Die effek van die verbastering by die ander kruisings kom eers in die F_2 tot uiting met totale afsterwe van die embryo. Die enigste wyse vir die F_1 om nageslag te lewer is deur terugkruise (Shaw, Moran en Wilkinson, 1980; Barton & Hewitt, 1981b; Shaw, 1981; Sharma & Sharma, 1983).

Die Europese sprinkane Chorthippus biguttulus en C. brunneus verskil ook ten opsigte van inversies. Verbastering kom selde voor, waarskynlik as gevolg van verskillende paringsliedere. Die basters wat wel bestudeer is, toon baie min sitogenetiese probleme (Sharma & Sharma, 1983).

Sentriese verenigingstranslokasies is verantwoordelik vir die verskille tussen Trimerotropis thalassica ($2n\sigma=23$) en T. occidentalis ($2n\sigma=21$). Die baster het sinapseprobleme met heelwat van die chromosome. 'n Soortgelyke situasie bestaan by T. verruculatus (= Circotettix verruculatus) ($2n\sigma=21$) en T. suffusa ($2n\sigma=23$) waar die kariotipes ten opsigte van 'n enkele sentriese verenigingstranslokasie verskil. Dié basters het ook 'n aantal chromosoompare met sinapseprobleme. T. cyaneipennis ($2n\sigma=21$) en T. suffusa verskil nie net ten opsigte van 'n sentriese verenigingstranslokasie nie, maar ook ten opsigte van perisentriese inversies (Sharma & Sharma, 1983).

Die Australiese Vandiemennella kompleks (kusstreek viatica groep) bestaan uit 'n reeks chromosoomtaksa (11), waarvan White meen dat 5 of 6 spesiestatus behoort te verkry (Shaw, 1981). Key herken net een spesie, wat onderverdeel word in 'n aantal chromosoomrasse (Shaw, 1981). Die bestudering van hierdie kompleks het 'n uitgebreide studie behels en is deur verskeie outeurs opgesom (White, 1973, 1980; Shaw, 1981; Sharma & Sharma, 1983). Al hierdie taksa verskil ten opsigte van 'n hele aantal sentriese verenigingstranslokasies, asook perisentriese inversies. Daar bestaan natuurlike basters in sekere oorvleuelingsgebiede, en hulle vertoon min vermindering in lewenskragtigheid en fertiliteit. Daar bestaan sekerlik genetiese verskille bo en behalwe die strukturele verskille.

Basters tussen Eyprepocnemis plorans meridionalis vanaf Afrika, die Midde-Ooste en Spanje met E. plorans ornatipes vanaf Franse Sudan, vertoon baie abnormale meioses, alhoewel die ouerlike kariotipes morfologies soortgelyk is. Hulle verskil waarskynlik as gevolg van 'n aantal resiproke translokasies (Sharma & Sharma, 1983).

Die drie spesies van die genus Tolgadia (John & Freeman, 1976) verskil in X-outosoom en outosoom-outosoom sentriese verenigingstranslokasies. Hulle is almal neo-XY♂. T. infirma is $2n=22$, T. bivittata is $2n=18$ en T. spesie is $2n=22$.

Die genus Geckomima vertoon sentromeerposisieverskille (White, 1982). Meeste spesies wat ondersoek is, is $2n=17$, behalwe G.

pilbara wat as gevolg van chromosoomdissosiasie van die langste chromosoom $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=19$ is. G. arnhemama is politiplies, waar een bevolking $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=13$ is.

1.5 GESLAGSCHROMOSOOMSTELSELS

Meeste **ORTHOPTERA** se geslagschromosoomsamestelling is $X\overset{\uparrow}{\sigma}/XX\overset{\downarrow}{\sigma}$, wat die basiese, 'primitiewe' tipe is. Geslagsbepaling is deur 'n balans tussen die X-chromosoom en die outosome.


Die vorm van die X-chromosoom in die **ACRIDOIDEA** is omtrent altyd akrosentries. Die Noord-Amerikaanse Trimerotropiene is 'n uitsondering, waar sommige spesies die X-chromosoom akrosentries, en in ander weer metasentries is. Sommige spesies bevat beide tipes X-chromosome. Perisentryse inversies is vir die verskuiwing van die sentromeer verantwoordelik soos ook in die outosome. Die X-chromosoom van die **ACRIDOIDEA** is minder variabel in grootte en vorm in vergelyking met die **EUMASTACOIDEA** (Hewitt, 1979).

Die X-chromosoom van die **EUMASTACOIDEA** is klein en is of akrosentries of metasentries. Hier is daar baie meer variasie in vorm en grootte. Die Australiese Morabiene toon veral variasie ten opsigte van vorm. In die Morabien PW21, kom die X-chromosoom in beide vorms voor (Hewitt, 1979). Die gedrag van die X-chromosoom gedurende meiose is nie noodwendig dieselfde as die outosome nie. By die mannetjie vertoon die X-chromosoom as 'n heterochromatiese liggaampie teenaan die kernmembran en


is by profase I positief heteropiknoties. By die wyfie is die X-chromosoom blykbaar isopiknoties (Hewitt, 1979).

Afgeleide geslagschromosoomstelsels by sprinkane is $neo-X_1Y_1/X_2Y_2$ en $neo-X_1X_2Y_1/X_1X_1X_2X_2$. Die $neo-X_1Y_1/X_2Y_2$ stelsel ontstaan deur 'n X-utosoom sentriese verenigingstranslokasie, asook deur 'n tandem verenigingstranslokasie, terwyl die $neo-X_1X_2Y_1/X_1X_1X_2X_2$ deur 'n verdere sentriese verenigingstranslokasie tussen die neo-Y en 'n outosoom ontwikkel (Figuur 1.3). Meeste van die afgeleide stelsels het deur sentriese verenigingstranslokasies ontstaan. Die neo-XY stelsel van die Morabien P45b is die enigste voorbeeld van 'n tandem verenigingstranslokasie. Al die outosome was by die ontstaan van afgeleide stelsels betrokke (White, 1973).

FIGUUR 1.3 Metodes vir die ontstaan van neo-XY en neo-X₁X₂Y_o geslagschromosoomstelsels.



A = homoloë outosoompaar
 X = X-chromosoom
 Y = Y-chromosoom



X-otosoom verenigings se kansse op fiksasie is blykbaar hoër as outosoom-outosoom verenigings. In die Morabiene is 11 X-otosoom en 27 outosoom-outosoom verenigings reeds gevind. In die **ACRIDIDAE**, aan die ander kant, is reeds 33 X-otosoom en 23 outosoom-outosoom verenigings vasgestel.

Veertig van die **ACRIDOIDEA**-spesies wat ondersoek is, is neo-XY♂, terwyl 7 neo- $X_1X_2Y♂$ is. By die **EUMASTACOIDEA** is 17 spesies neo-XY♂ en 14 neo- $X_1X_2Y♂$ (Hewitt, 1979). Die curvicercus-groep van die Morabiene vertoon hier die hoogste persentasie afgeleide stelsels; nl: 2 spesies met neo-XY♂ en 8 spesies met neo- $X_1X_2Y♂$ (White, 1973).

Twee voorbeelde van geslagschromosoomstelsels wat politipies bestaan, is Podisma pedestris met afsonderlike chromosoomrasse van $XO♂$ en neo-XY♂ (Hewitt & John, 1972). Dieselfde situasie bestaan by die Suid-Afrikaanse sprinkaan Karruacris browni met chromosoomrasse van neo-XY♂ en neo- $X_1X_2Y♂$ (White, 1967).

1.6 PARTENOGENESE

Die enigste sprinkaan wat bewys is om partenogeneties voort te plant, is die Australiese Morabien Warramaba virgo. White en sy medewerkers het na baie jare 'n verklaring vir die ewolusionêre ontwikkeling van die stelsel gevind. Hierdie genus bestaan uit vier geslagtelike en een partenogenetiese spesie, wat in die suidelike en westelike deel van Australië voorkom. Die geslagtelike tipes is beperk tot die westelike deel en W. virgo tot die oostelike, sowel as die westelike deel. W. virgo is 'n vlerklose al-wyfie spesie met swak beweeglikheid. Die bevolkingsamestelling is in die vorm van geïsoleerde lokale bevolkings wat almal klonaal ontstaan het (Atchley, 1981).

Die oögenese van W. virgo is nie normaal nie. Daar is 'n premeiotiese chromosoomverdubbeling ($2n=4x=30$) in die meiosis, wat gevolg word deur 'n tweefase meiose, waarna diploiede eiers geproduseer word. Die susterchromosome paar tydens meiose en vertoon ook chiasmata wat geen genetiese effek het nie, maar is blykbaar noodsaaklik vir die ordelike segregasie van die chromosome en gevolglik die vorming van diploiede eiers (White, 1980; Atchley, 1981; Sharma & Sharma, 1983).

Die W. virgo kariotipe [$2n_{\text{♀}}=15(X_1X_2)$] het waarskynlik deur verskillende verbasteringsgebeurtenisse tussen die voorouerlike spesies W. P169 [$2n=16XY/XX$] en W. P196 [$2n_{\text{♀}}=14(X_1X_1X_2X_2)$];

$2n\phi=13(X_1X_2Y)$] ontstaan (Atchley, 1981; White & Contreras, 1981, 1982; Sharma & Sharma, 1983).

Die kariotipe bestaan uit 'n haploiede stel chromosome, elk vanaf P169 en P196 wat dan as die 'standaard' kariotipe bekend staan. Webb, White, Contreras en Cheney het reeds in 1978 15 klones beskryf. White het in 1980 die Spargoville-kloon beskryf (Atchley, 1981). 'n Verdere 11 klones is in 1982 beskryf (White & Contreras, 1982). Die kariotipes kan in drie groepe verdeel word (Atchley, 1981).

- 1 Die 'standaard' tipe wat in die verskillende klones in hul C-bandpatroon verskil. Hulle het 'n verspreidingsgebied in westelike Australië.
- 2 Die 'standaard' tipe met 'n aantal strukturele veranderinge as gevolg van translokasies en inversies. Hierdie klones is vanaf enkele lokaliteite. Daar is reeds 9 van hulle beskryf, onder andere Spargoville.
- 3 Die Boulder en Zanthus kariotipe. Hierdie twee klones kom in wes-Australië voor. Die P196 chromosome verskil relatief van die 'standaard' tipe, veral die X+A chromosome wat korter is en die X_1 -chromosoom wat submetasentries in plaas van metasentries is. 'n Suidelike P196 ras is later gevind wat hierdie kariotipiese verskille bevat. 'n Voorouerlike tipe van hierdie ras het blykbaar deel gehad in die verbastering en vorming van hierdie klones (White & Contreras, 1981).

Daar was waarskynlik 'n vroeë divergensie van die Spargoville, Boulder en Zanthus-klone teenoor die res. Die Boulder en Zanthus klones het waarskynlik uit 'n verbasteringsgebeurtenis tussen P169 en die suidelike ras van P196 ontstaan, terwyl al die ander klones uit verbastering met die noordelike ras van P196 en P169 ontstaan het (White & Contreras, 1981). Schweizer Mendelak, White en Contreras (1983) het fluoressensiekleuring op die verskillende kariotipes toegepas en betekenisvolle verskille gekry. Dit is dus ondersteunend tot die gedagte van aparte verbasteringsgebeurtenisse van die voorouerlike spesies.

1.7 CHIASHAPATRONE

1.7.1 **STELSELS VAN REKOMBINASIEBEPERKING**

Rekombinasie tydens meiose is die hooforsaak van erfbare variasie. Die modifikasie van die hoeveelheid rekombinasie kan baie voordelig wees in die regulering van die hoeveelheid variasie binne en tussen bevolkings. In **ORTHOPTERA** vind ons dat sommige **THERICLEINAE** spesies se mannetjies achiasmatis is (White, 1970). 'n Klompie voorbeelde bestaan waar rekombinasie beperk word deur lokalisasie van die oorkruising (waarneembaar as chiasmata by meiose). In Euthystira brachyptera word chiasmata distaal beperk in al die bivalente behalwe die kortstes. Hier veroorsaak die teenwoordigheid van B-chromosome 'n verlaging in die lokalisasie van chiasmata met gevolglike verhoging in die gemiddelde chiasmafrekwensie (Fletcher & Hewitt, 1980a). In Chrysochraon dispar en Parapleurus alliaceus man-

netjies vind Fletcher & Hewitt (1980b) dat chiasmata ook terminaal gelokaliseerd is in al die bivalente behalwe die kortstes. Blykbaar is daar geen lokalisasie in die wyfies nie. Die gemiddelde chiasmafrequensie is ook relatief hoër in die wyfies as in die mannetjies. In Stethophyma grossum (Fletcher, 1977) word chiasmata proksimaal beperk in al die bivalente behalwe die kortstes. Hierdie beperking is gekorreleerd met sinaptonemale kompleksvorming. In hierdie spesies vorm die sinaptonemale kompleks baie stadig en is beperk tot die sentromeer-area. Die kort bivalente is klein genoeg vir volledige sinapse en gevolglik nie-gelokaliseerde chiasmata. Scyllina signatipennis vertoon dieselfde tipe chiasmapatroon van proksimale lokalisasie van chiasmata in die langer bivalente (Bidau, 1984). In Chloealtis conspersa (Moens & Short, 1983) verklaar die onvolledige sinaptonemale kompleksvorming ook die proksimale lokalisasie van die chiasmata. Dit verklaar nie die distale lokalisasie van chiasmata in die drie lang metasentriese bivalente nie, waar soms volledige sinaptonemale kompleksvorming aangetoon is.

Die teenwoordigheid van B-heterochromatien kan ook 'n invloed op die chiasmapatroon hê. Stethophyma gracile en S. lineatum is polimorf vir interstisiële en distale heterochromatien-segmente in die S10 en S11 bivalente. Die interstisiële segment verhoog die frekwensie van chiasmata weerskante van die segment met gevolglike verhoging in die frekwensie ring bivalentstrukture en gemiddelde chiasmafrequensie. Die distale segment verhoog die frekwensie van proksimale chiasmata (Shaw,

1970). Hierdie spesie is ook polimorf vir distale en proksimale heterochromatienblokke in die M9 bivalent. Die heterochromatien verklaar dus die feit dat die M9 bivalente nie strenge proksimale lokalisasie vertoon soos verwag word nie (Fontana & Vickery, 1974).

1.7.2 DITAKTIESE BIVALENTE

McClung het in Stethophyma in 1928 bivalente gevind waar die homologe arms parallel tot die ewenaar lê, met 'n noue assosiasie by die sentromeer (White, 1973). McClung en White aanvaar dat die staafvormige chromosome van sprinkane akrosentries is, met 'n baie kort, onsigbare kort arm, en dat die ditaktiese bivalente ontstaan as gevolg van oorkruising in die kort arm (ekstrinsiek).

Hewitt en John en hul medewerkers (Hewitt, 1979) glo, in teenstelling, dat die staafvormige chromosome van sprinkane telosentries is, en dat geen kort arm bestaan nie. Ditaktiese bivalente ontstaan, volgens hulle, as gevolg van oorkruising in die sentromeer, of in die lang arm proksimaal tot die sentromeer.

'n Derde opvatting van ditaktiese bivalente is dié van Shaw (1970, 1971). Hy aanvaar dat die staafvormige chromosome van sprinkane telosentries is en dat ditaktiese bivalente as gevolg van 'n taaiheid proksimaal tot die sentromeer ontstaan.

Hierdie taaiheid kan moontlik die gevolg van heterochromatien wees.

Die polemieë tussen hierdie gedagtes is steeds aktief. Dit is moeilik om die werklikheid vas te stel. Sentromere en telomere is hoogs gespesialiseerde strukture met eie funksies, en die kans dat hulle hul funksie akkuraat sal verrig wanneer hulle dieselfde posisie op 'n chromosoom beklee, is klein. Die outeur verkies dus die idee van McClung en White.

Ditaktiese bivalente is reeds in verskeie spesies gevind, onder andere: Stethophyma, Trimerotropis pallidipennis, Chloroplus cactocaetes, Austroicetes vulgaris (White, 1973), Chorthippus parallelus, Oedaleonotus orientis, Trimerotropis tolteca-modesta (Hewitt, 1979).

1.8 DIE SITOGENETIKA VAN SUIDELIKE AFRIKAANSE SPRINKANE

Sitogenetiese informasie omtrent suidelike Afrikaanse sprinkane is baie karig. Nolte het in 1939 sewe verskillende Transvaalse **ACRIDIDAE** spesies vergelyk (Tabel 1.1 bladsy 44). Benewens die morfologiese eienskappe, het hy die meioses ook vergelyk. Dit is in hierdie ondersoek dat hy gevind het dat Oedaleus nigrofasciatus vier gefikseerde perisentiese inversies bevat. Dit is een van twee **ACRIDIDAE** spesies bekend, wat nie die algemene kariotipiese samestelling van slegs akrosentriese chromosome bevat nie. White noem dat hierdie spesie nie

polimorf vir perisentriese inversies is nie (White, 1973). Nolte (1964, 1968) het ook feromone se effek op chiasmafrequensies by plaagsprinkane tydens swerming ondersoek. Hierdie ondersoek was in effek 'n meting van die rekombinasiepotensiaal en die effek van feromone daarop. Feitlik die enigste uitgebreide sitogenetiese-analise op sprinkane van suidelike Afrika is deur M.J.D. White na 'n besoek aan suidelike Afrika in 1963 gedoen (sien Tabel 1.1 vir 'n lys van al die spesies). Die doel van sy besoek was om die voorkoms van perisentriese inversies te ondersoek. Hy het nie in sy doel geslaag nie, siende hy geen perisentriese inversieheterosigote gekry het nie. Hy vind ook geen voorbeelde van B-heterochromatien nie, en slegs 'n paar individue met B-chromosome. Hy vind wel 'n voorbeeld van 'n politipisme as gevolg van 'n sentriese verenigingstranlokasie, asook 'n andersoortige meiose.

'n Kort opsomming van White se werk is wenslik. Meeste van die informasie is nie gepubliseer nie, maar is opgeneem in 'n verslag wat deur White aan Dr. H.D. Brown van die departement Plantbeskerming, Landbou-Tegniese Dienste, gegee is (White, 1963).

Vier sprinkaanfamilies is uniek in Afrika nl: **CHARILAIIDAE**, **LATHICERIDAE**, **LENTULIDAE** (superfamilie: **ACRIDOIDEA**) en die **PNEUMORIDAE** (superfamilie: **PNEUMOROIDEA**). White was die eerste om 'n bietjie informasie omtrent hierdie families (uitgesonderd die **LATHICERIDAE**) in te win. Die een spesie van die **CHARILAIIDAE** wat ondersoek is, het die standaard **ACRIDIDAE**

kariotipe van $2n\sigma^{\uparrow}=23(XO)$, so ook vir die 12 spesies van die **LENTULIDAE** (White, 1967). Drie van die **LENTULIDAE** spesies het abnormale kariotipes gehad. Twee individue van een spesie het elk een B-chromosoom gehad. Shelfordites nanus se $2n\sigma^{\uparrow}=21(XO)$, terwyl by Karruacris browni twee politipiese bevolkings gevind is. Die K. browni bevolking in die omgewing van Hopetown, Middelburg, Aberdeen en Murraysburg in die Karoo is die noordelike chromosoomras met $2n\sigma^{\uparrow}=20(\text{neo-XY})$. Die bevolking wat in die omgewing van Millerstasie en Klipplaat voorkom, vorm die suidelike chromosoomras met $2n\sigma^{\uparrow}=19(\text{neo-X}_1\text{X}_2\text{Y})$ (White, 1967).

Alhoewel daar 'n groot ooreenkoms tussen die Afrikaanse **LENTULIDAE** en die Australiese **MORABINAE** ten opsigte van vlerkloosheid en bevolkingstruktuur bestaan, verskil hulle grootliks ten opsigte van hul kariotipiese samestellings. Die **MORABINAE** toon baie verskillende voorbeelde waar perisentriese inversies heterosigoties voorkom, asook baie voorbeelde waar hulle gefikseerd geraak het. White se studie toon dat die Suid-Afrikaanse **LENTULIDAE**, in teenstelling, baie konserwatief is ten opsigte van hul kariotipes, behalwe vir Karruacris browni.

Meeste van die ander families van die **ACRIDOIDEA** se kariotipiese samestellings is $2n\sigma^{\uparrow}=23(XO)$ met al die chromosome akrosentries. Van die 73 spesies van die **ACRIDIDAE** wat deur White ondersoek is (Tabel 1.1) was net 4 individue uitsonderings; twee het 'n B-chromosoom gehad, een was $2n\sigma^{\uparrow}=15(XO)$ en een $2n\sigma^{\uparrow}=22(\text{neo-XY})$. Die tien spesies van die

PAMPHAGIDAE het almal $2n\sigma=19(XO)$, terwyl die sestien spesies van die **PYRCOMORPHIDAE** meestal $2n\sigma=19(XO)$ was. 'n Aantal uitsonderings is $2n\sigma=11(XO)$, $15(XO)$ en $18(neo-XY)$.

Slegs twee subfamilies, **EUSCHMITTINAE** en **THERICLEINAE**, is van die oorblywende superfamilie **EUMASTACOIDEA** ondersoek (White, 1965). Die vyf Suid-Afrikaanse **EUSCHMITTINAE** wat hy ondersoek het was $2n\sigma=21(XO)$, terwyl die een spesie van Inhaca eiland van Mosambiek wat ondersoek is, $2n\sigma=19(XO)$ was. Daar is 24 spesies **THERICLEINAE** ondersoek. Hierdie subfamilie het 'n unieke verloop van meiose. Die fases diploten en diakinese is nie herkenbaar nie en is waarskynlik afwesig. Daar is 'n direkte oorgang van pachiteen tot premetafase I, wanneer die chiasmata dan eers sigbaar word. In 'n paar spesies word die chiasmata later in metafase I of net voor anafase I sigbaar. Hulle vertoon kriptochiasmatiese meioses. 'n Paar spesies is heeltemal achiasmaties. 'n Wyfie van een achiasmatiese spesie is ondersoek en gevind om volledig chiasmaties te wees. **THERICLEINAE** bestaan uit twee hoofgroepe nl: $2n\sigma=17$ en 19 . Die 19 -groep vertoon chiasmatiese sowel as kriptochiasmatiese meioses, terwyl die 17 -groep kriptochiasmatiese en achiasmatiese meioses het. Een spesie van Nylstroom het 'n afwykende kariotipe gehad nl: $2n\sigma=16(neo-XY)$. Die **THERICLEINAE** van Oos-Afrika se chromosome toon ook hierdie andersoortige gedragspatroon. Hulle chromosome verskil wel van die suidelike Afrikaanse tipes in soverre dat sommige van die chromosome subtelosentrië is (White, 1970).

Vandag nog word die bestudering van die sitogenetika van sprinkane wêreldwyd intensief beoefen. Die besonder mooi en groot chromosome maak sprinkane uiters geskik om spesiasie en ewolusionêre tendense na te spoor.

White (1963) het die stelling na sy besoek gemaak, dat chromosomale variasie besonder skaars in suidelike Afrikaanse sprinkane is. Dit is moeilik om te glo dat suidelike Afrika nie tog soveel variasie het as elders in die wêreld nie. Miskien was die beperking die aantal individue wat hy per genus ondersoek het, asook sy metode van analise. Die ondersoek van addisionele individue, asook addisionele metodes en meer uitgebreide analyses, behoort meer lig te werp op die werklike situasie.

Die doel van hierdie studie is om as 'n uitbreiding tot White se opname, 'n oorsigtelike beeld van suidelike Afrikaanse sprikaansitogenetika te begin inwin, asook om addisionele metodes te ontwikkel vir die verwerking van die informasie. Soveel moontlik individue as wat hanteer kon word, vanaf wydverspreide lokaliteite, is gebruik. Die informasie wat hier verkry is, kan dan gebruik word om interessante gebiede af te baken vir meer intensiewe ondersoeke. In die proses is ook gepoog om in ten minste 'n klompie spesies, moontlike variasie tussen sowel as binne lokaliteite te monitor.

1.9 TERMINOLOGIE

Meeste van die terme wat in hierdie studie gebruik word, is soortgelyk aan dié wat algemeen deur sprinkaansitogenetici gebruik word. Hierdie terme is nie noodwendig die algemene terminologie van ander sitogenetici nie.

POLIMORFIESE bevolkings: ʼn Bevolking waar die individue ten opsigte van hul sitogenetiese samestellings verskil onder andere as gevolg van B-heterochromatien, B-chromosome en strukturele veranderings.

POLITIPIESE bevolkings: Waar ʼn spesie se verskillende bevolkings verskil ten opsigte van hul sitogenetiese samestellings.

CHROMOSOOMBENAMINGS word op die huidige op verskillende wyses gedoen, nl: genommer van lank na kort; A, B, C.....; of 1, 2, 3....., of L1, L2, L3, M4,...S11 (L=lank; M=medium; S=kort).

Omdat daar heelwat meningsverskil daaromtrent bestaan, moet vir die onthalwe van dié ondersoek standpunt ingeneem word dat alle translokasies resiprook van aard is en dat so ʼn chromosoomsegmentuitruiling twee chromosoombreuke vereis (met ander woorde twee taaipunte). Die grootte van die segmente wat uitgeruil word, asook die posisies van die breekpunte maak dit moontlik om resiproke translokasies as volg in te deel:

Resiproke translokasies wat geen basiese-aantal veranderings tot gevolg het nie en dié wat wel. Hierdie tweede tipe kan in twee klasse ingedeel word nl: sentriese verenigingstranslokasies en tandem verenigingstranslokasies.

Die sprinkaansitogenetici gebruik die term 'interchanges' vir resiproke translokasies sonder 'n basies-aantal verandering en 'translocations' vir sentriese verenigingstranslokasies. (Hierdie term is sinoniem aan die dierkundige term 'Robertsonian fusions' wat ontstaan uit die alternatiewe standpunt dat basiese-aantal verminderings ook deur sentromeerversmelting kan ontstaan).

B-CHROMOSOME word ook deur baie sprinkaansitogenetici 'supernumerary chromosomes' genoem.

Die gebruik van die gerieflikheidsterm van B-heterochromatien in hierdie studie, word as 'supernumerary segments' beskryf.

DITAKTIESE BIVALENTE is bivalente met 'n chiasma in die kortarm (ekstrinsieke oorkruising).

MEGAMERIESE CHROMOSOOM is 'n outosoom wat feitlik volkome heterochromaties is. Dit is by sprinkane gewoonlik die derde kleinste chromosoom van die genoom. Hierdie chromosoom is slegs in sommige spesies heterochromaties.

ˆn Akrosentriese chromosoom kan in drie gebiede verdeel word:

Ekstrinsieke gebied - kort arm

Proksimale gebied - langs die sentromeer in die lang arm

Distale gebied - die verste punt van die sentromeer in die
lang arm

Interstisiële gebied - gebied tussen die proksimale en die
distale gebied.

Hierdie gebiedsafbakenings word gebruik om die posisies van
chiasmata en heterochromatien te beskryf.

Tabel 1.1 h Lys van suidelike Afrikaanse sprinkaanspesies wat Nolte (1939) en White (1963, 1965) ondersoek het.

	2n♂	Lokaliteit
<u>Lys van Nolte se spesies</u>		
Familie: ACRIDIDAE		
Subfamilie: ACRIDINAE		
1. <u>Acrotylus angulatus</u>	23	
2. <u>Acrotylus hottentotus</u>	23	
3. <u>Acrotylus patruelis</u>	23	
4. <u>Aiolopus thalassinus</u>	23	
5. <u>Oedaleus carvalhoi</u>	23	Potgietersrus(Tv1)
6. <u>Oedaleus nigrofasciatus</u>	23	Potgietersrus(Tv1)
7. <u>Trilophidia angustipennis</u>	23	
<u>Lys van White se spesies</u>		
Familie: ACRIDIDAE		
Subfamilie: ACRIDINAE		
1. <u>Acrida sulphuripennis</u>	23	Messina(Tv1) Inhaca Eiland(Mos)
2. <u>Acrida turrita</u>	23	Haenertsburg(Tv1) Machadodorp(Tv1)
3. <u>Cannula karschi</u>	23 24(+B)	Rosehaugh(Tv1)
4. <u>Gastrimargus ? clepsidrae</u>	24(+B)	Nylstroom(Tv1)
5. <u>Gymnobothrus</u> sp (A336)	23	Machadodorp(Tv1)
6. <u>Humbe tenuicornis</u>	23	Inhaca Eiland(Mos)
7. <u>Locustana pardalina</u>	23	Klipplaat (KP)
8. <u>Machaeridia bilineata</u>	23	Nelshoogtepas (Tv1)
9. <u>Morphacris fasciata</u>	23	Middelburg(KP)
10. <u>Oedaleus ? citrinus</u>	23	Tzaneen(Tv1)
11. <u>Orthochtha dasyncnemis</u>	23	Machadodorp(Tv1), Nyl- stroom(Tv1), Inhaca Eiland(Mos)

Ach = achiasmatiese meiose Kript = kriptochiasmatiese meiose
 Tv1 = Transvaal
 KP = Kaapprovinsie
 Mos = Mosambiek
 Zim = Zimbabwe

12.	<u>Orthochtha prasina</u>	23	Machadodorp(Tv1)
13.	<u>Paracomacris centralis planicola</u>	23	Machadodorp(Tv1)
14.	? <u>Paralobopoma</u> sp (A238) (A306) (A387)	23	Duiwelskloof(Tv1), Mica(Tv1), Inhaca Eiland(Mos)
15.	<u>Pycnodictya flavipes</u>	23	Mica(Tv1), Nylstroom(Tv1)
16.	<u>Pycnodictya obscura</u>	23	Naude'spas (KP), Nylstroom(Tv1)
17.	<u>Scintharista magnifica</u>	23	De Aar(KP)
18.	<u>Sphingonotus scabriculus</u>	23	De Aar(KP)
19.	<u>Tmetanota terrosa</u>	23	Hopetown(KP)
20.	<u>Weenia</u> sp (A159)	23	Middelburg(KP)
21.	Genus ? (A214)	23	Haenertsburg(Tv1)
<u>Subfamilie: CALLIPTAMINAE</u>			
22.	<u>Acorypha pallidicornis</u>	23	Skukuza(Tv1)
23.	<u>Caloptenopsis ferrifer</u>	23	Nelshoogtepas (Tv1)
<u>Subfamilie: CATANTOPINAE</u>			
24.	<u>Anthermus granosus</u>	23	Nelshoogtepas (Tv1)
25.	<u>Catantops humeralis</u>	23	Nelshoogtepas (Tv1)
26.	<u>Catantops m. melanostictus</u>	23	Machadodorp(Tv1)
27.	<u>Eupropacris fumida</u>	23	Haenertsburg(Tv1)
28.	<u>Phaeocatantops d. decoratus</u>	23	Louis Trichardt(Tv1)
29.	<u>Xenotettix armipes</u>	23	Klipplaat (KP)
<u>Subfamilie: COPTACRIDINAE</u>			
30.	<u>Parepistaurus inhaca</u>	23	Inhaca Eiland(Mos)
<u>Subfamilie: CYRTACANTHACRIDINAE</u>			
31.	<u>Cyrtacanthacris t. tatarica</u>	23	Tshipise(Tv1)
32.	<u>Kraussaria prasina</u>	23	Nylstroom(Tv1)
33.	<u>Rhytidacris punctata</u>	23	Mooketsi(Tv1)

<u>Subfamilie: EURYPHYMINAE</u>			
34.	<u>Amblyphymus roseus</u>	23	onbekend
35.	<u>Amblyphymus rubripes</u>	23	Bandelierkop(Tvl), Nylstroom(Tvl)
36.	<u>Brachyphymus basuto</u>	23	Pienaars rivier(Tvl)
37.	<u>Calliptamicus semiroseus</u>	23	De Aar (KP), Kim- berley(KP), Murrays- burg(KP)
38.	<u>Calliptamulus natalensis</u>	23	Graaff Reinet(KP), Naude'spas (KP)
39.	<u>Euryphymus tuberculatus</u>	23	Aberdeen(KP), DeAar(KP), Hopetown(KP)
40.	<u>Plegmapterus fernandezi</u>	23	De Aar(KP)
41.	<u>Plegmapterus saturatus</u>	23	Naude'spas (KP)
42.	<u>Rhachitopis ceraseus</u>	23	De Aar(KP), Hopetown(KP)
43.	<u>Rhodesiana maculata</u>	23	Messina(Tvl)
<u>Subfamilie: EYPREPOCNEMIDINAE</u>			
44.	<u>Brownacris microptera</u>	23	Murraysburg(KP)
45.	<u>Brownacris</u> n. sp. (A129)	23	Aberdeen(KP)
46.	<u>Heteracris calliptamoides</u>	23	Graaff Reinet(KP), Swanepoel'spoort (KP)
47.	<u>Heteracris acuminata</u>	23	Nylstroom(Tvl)
<u>Subfamilie: HEMIACRIDINAE</u>			
48.	<u>Dirshacris aridus</u>	23	Aberdeen(KP), Naude's- pas(KP)
49.	<u>Hemiacris fervens</u>	23	Louis Trichardt(Tvl)
50.	<u>Leptacris pretoriae</u>	23	Nylstroom(Tvl), Pretoria(Tvl)
51.	<u>Loryma</u> sp. nr. <u>perfecta</u>	23	Naude'spas (KP)
52.	<u>Loryma</u> n. sp. (A22)	23	Kimberley(KP)
53.	<u>Spathosternum pygmaeum</u>	23	Tzaneen(Tvl)
54.	<u>Spathosternum ? pedestris</u>	23	Entabenibos (Tvl)
55.	<u>Spathosternum</u> sp. (A185)	23	Middelburg(KP)
<u>Subfamilie: TRUXALINAE</u>			
56.	<u>Acocksacris geyeri</u>	23	De Aar(KP)
57.	<u>Acocksacris karruensis</u>	23	Aberdeen(KP)

58.	<u>Brachycrotaphus sjöstedti</u>	23	Rosehaugh(Tv1)
59.	<u>Leva ? angulata</u>	23	Windsortonpad (KP)
60.	<u>Lounsburya capensis</u>	23	Aberdeen(KP), Hopetown(KP)
61.	<u>Mesopsis gracilicornis</u>	23	Inhaca Eiland(Mos)
62.	<u>Mesopsis laticornis</u>	23	Nelshoogtepas (Tv1)
63.	<u>Paragymnobothrus ? rectus</u>	15	Aberdeen(KP), Hope- town(KP), Middelburg(KP)
64.	<u>Platypternodes brevipes</u>	23	Inhaca Eiland(Mos), Middelburg (KP)
65.	<u>Phorenula cruciata</u>	23	Machadodorp(Tv1)
66.	<u>Pnorisa squalis</u>	23	Machadodorp(Tv1)
67.	<u>Pseudegnatius reynecki</u>	22(neoXY)	Hopetown(KP), Middel- burg(KP)
68.	<u>Pseudoarcyptera carvalhoi</u>	23	Inhaca Eiland(Mos),
69.	<u>Pseudoarcyptera palpalis</u>	23	Naude'spas (KP)
70.	<u>Pseudogmothela stauronotus</u>	23	De Aar(KP), Kraankuil(KP)
71.	<u>Truxaloides b. braziliensis</u>	23	Inhaca Eiland(Mos)
72.	<u>Truxaloides constrictus</u>	23	De Aar(KP)
73.	? Genus (A69)	23	De Aar(KP)
<u>Familie:</u> PYRGOMORPHIDAE			
74.	<u>Atractomorpha aurivillei</u>	19	Tzaneen(Tv1)
75.	<u>Chrotogonus hemipterus</u>	19	Inhaca Eiland(Mos)
76.	<u>Ochrophlebia caffra</u>	19	De Aar(KP), Hopetown(KP)
77.	<u>Parasphena nr. picticeps</u>	19	Haenertsburg(Tv1), Nylstroom(Tv1)
78.	<u>Parasphenella carinata</u>	19	The Downs(Tv1)
79.	<u>Parasphenella nr. sp. (A330)</u>	19	Machadodorp(Tv1)
80.	<u>Phymateus morbillosus</u>	19	De Aar(KP)
81.	<u>Punctisphena pustulata</u>	19	Tshipise(Tv1)
82.	<u>Pyrgomorpha cylindrica</u>	11	Aberdeen(KP), De Aar(KP) Murraysburg(KP)
83.	<u>Pyrgomorpha nr. cylindrica</u>	11	Swanepoel'spoort (KP)
84.	<u>Pyrgomorpha ? dispar</u>	-	Nylstroom(Tv1)
85.	<u>Pyrgomorpha granulata</u>	-	Kimberley(KP)

86. <u>Pyrgomorpha</u> sp. (A312)	15	Hammanskraal(Tv1)
87. <u>Pyrgomorpha</u> sp. (A331)	18(neoXY)	Machadodorp(Tv1)
88. <u>Taphronota calliparea</u>	19	Inhaca Eiland(Mos)
89. <u>Zonecerus elegans</u>	19	Kimberley(KP), Inhaca Eiland(Mos)
<u>Familie:</u> CHARILAIIDAE		
90. <u>Charilaus carinatus</u>	23	Nylstroom(Tv1)
<u>Familie:</u> PAMPHAGIDAE		
<u>Subfamilie:</u> AKICERINAE		
91. <u>Batrachotetrix stollii</u>	19	Aberdeen(Tv1)
92. <u>Batrachotetrix turneri</u>	19	Aberdeen(KP)
<u>Subfamilie:</u> ECHINOTROPINAE		
93. <u>Thrinotropis karruensis</u>	19	Aberdeen(KP), Murraysburg(KP)
<u>Subfamilie:</u> PORTHETINAE		
94. <u>Hoplolopha asina</u>	19	De Aar(KP), Potfontein(KP)
95. <u>Hoplolopha karasensis</u>	19	Kimberley(KP)
96. <u>Hoplolopha reflexa</u>	19	De Aar(KP), Kraankuil(KP)
97. <u>Lamarckiana bolivariana</u>	19	Entabenibos (Tv1)
98. <u>Stolliana angusticornis</u>	19	Richmond(KP)
99. <u>Transvaaliana distanti</u>	19	Nylstroom(Tv1)
100. <u>Transvaaliana</u> n. sp. (A342)	19	Barberton(Tv1)
<u>Familie:</u> LENTULIDAE		
101. <u>Basutacris</u> n. sp. <u>minuta</u> (A213)	23	Haenertsburg(Tv1)
102. <u>Basutacris</u> n. sp. (A355)	23	Kaapschehoop(Tv1)
103. <u>Eremidium denticercus</u>	23	Louis Trichardt(Tv1)
104. <u>Karruacris browni</u> (noorde-like ras)	20(neoXY)	Aberdeen(KP), Hopetown(KP), Middelburg(KP), Murraysburg(KP)
(suidelike ras)	19(neo X ₁ X ₂ Y)	Klipplaat(KP), Millerstasie(KP)
105. <u>Karruia paradoxa</u>	23	Aberdeen(KP)
106. <u>Lentula callani</u>	23	Middelburg(KP)
107. <u>Lentula</u> n. sp. (A208)	23	Haenertsburg(Tv1)

108. <u>Mecotibus</u> cf <u>nyassae</u>	23	Tshipise(Tvl)
109. <u>Paralentula</u> ? <u>marcida</u>	23	Bandelierkop(Tvl)
110. <u>Paralentula</u> <u>prasinata</u>	23	Louis Trichardt(Tvl)
111. <u>Shelfordites</u> <u>nanus</u>	21	Aberdeen(KP), De Aar(KP), Hopetown(KP), Kimberley(KP), Middelburg(KP), Windsortonpad (KP)
112. <u>Sygrus</u> sp. nr. <u>rehni</u>	24(+B)	The Downs(Tvl)
<u>Familie:</u> EUMASTACIDAE		
<u>Subfamilie:</u> THERICLEINAE		
113. <u>Thericles</u> <u>whitei</u>	17(Ach)	Haenertsburg(Tvl)
114. <u>Thericles</u> sp. V (nr. <u>whitei</u>)	17(Ach)	The Downs(Tvl)
115. <u>Thericles</u> sp. C	16(neoXY)	Nylstroom(Tvl)
116. <u>Thericles</u> sp. O (nr. <u>whitei</u>)	19	Nylstroom(Tvl)
117. <u>Thericles</u> sp. CC	19	Aberdeen(KP), Murraysburg(KP)
118. <u>Thericles</u> sp. D	19	Aberdeen(KP), Middelburg(KP), Murraysburg(KP), Richmond(KP)
119. <u>Thericles</u> sp. EE	19	Windsortonpad (KP)
120. <u>Thericles</u> sp. GG	19	Jansenville(KP)
121. <u>Thericles</u> sp. L (=T. <u>disparalis</u>)	19	Salisbury(Zim)
122. <u>Thericles</u> <u>browni</u>	19(Kript)	Hoedspruit(Tvl), Messina(Tvl), Tshipise(Tvl)
123. <u>Thericles</u> sp. B (nr. <u>browni</u>)	17(Ach)	Messina(Tvl), Tshipise(Tvl)
124. <u>Thericles</u> sp. M (nr. <u>browni</u>)	17(Ach)	Bandelierkop(Tvl)
125. <u>Thericles</u> sp. BB	17(Ach)	Messina(Tvl), Tshipise(Tvl)
126. <u>Thericles</u> sp. U	17(Ach)	Hoedspruit(Tvl), Mica(Tvl), Newington(Tvl), Skukuza(Kruger-Wildtuin)
127. <u>Thericles</u> sp. X	19	Kaapschehoop(Tvl)
128. <u>Thericles</u> sp. I	19(Kript)	Inhaca Eiland(Mos)
129. <u>Thericles</u> sp. K	19(Kript)	Salisbury(Zim)
130. <u>Thericles</u> sp. W	19	Machadodorp(Tvl)
131. <u>Thericles</u> sp. Y	19(Kript)	Kaapschehoop(Tvl)

132. <u>Thericles</u> sp Z	17(Ach)	Hoedspruit(Tvl), Mica(Tvl)
133. <u>Thericles</u> sp. AA (nr. <u>browni</u>)	19(Kript)	Skukuza(Kruger-Wildtuin)
134. <u>Thericles</u> sp. HH	19	Tshipise(Tvl)
135. <u>Pseudothericles</u> sp. D	19	Tshipise(Tvl)
136. <u>Clerithes</u> sp. E	19(Kript)	Duiwelskloof(Tvl), Hoed- spruit(Tvl), Messina (Tvl), Newington(Tvl), Tshipise(Tvl)
<u>Subfamilie: EUSCHMIDTIINAE</u>		
137. <u>Amatonga</u> sp. H	21	Louis Trichardt(Tvl)
138. <u>Amatonga</u> sp. F	21	Duiwelskloof(Tvl)
139. <u>Amatonga</u> sp. J	19	Inhaca Eiland(Mos)
140. <u>Amatonga</u> sp. R	21	Mica(Tvl)
141. <u>Amatonga</u> sp. s	21	Messina(Tvl), Tshi- pise(Tvl)
142. <u>Amatonga</u> sp. T	21	Mooketsi(Tvl), Skukuza(Kruger-Wildtuin)

2 MATERIAAL EN METODEDES

2.1 INSAMELING VAN MATERIAAL

2.2 VOORBEREIDING VAN MATERIAAL VIR SPERMATOGENESE-PAPDRUKKE

2.2.1 FIKSERING

2.2.2 PAPDRUK EN PERMANENTMAKING

2.3 SPERMATOGENESE-ANALISE

2.3.1 INLEIDING

2.3.2 METAFASE I ANALISES

2.3.3 CHROMOSOOMMETINGS

2.3.4 BYKOMSTIGE ANALISES

2 **MATERIAAL EN METODEDES**

2.1 **INSAMELING VAN MATERIAAL**

Die sprinkane is op verskeie versamelekkursies deur veral oostelike Suid-Afrika en omliggende state versamel. Hierdie ekskursies is beplan om versameling vir ander navorsingsprojekte van die Departement Genetika, Universiteit van Pretoria, ook in te sluit, gevolglik kon die suidwestelike deel van die Republiek nie gedek word nie. Baie individue is deur lede en vriende van die Departement Genetika, tydens vakansies versamel. Aan elke individu is 'n versamelnommer toegeken. Die versampunt, asook die ruitverwysing is aange-teken. Indien suksesvolle meiose preparate gemaak kon word, is 'n Z-nommer toegeken. Dié nommer word as volg saamgestel: Z/84/108 - Z beteken dierlik, 84 beteken die jaar 1984 en 108 beteken die 108ste individu waarvan sitogenetiese preparate gedurende daardie jaar gemaak is.

2.2 **VOORBEREIDING VAN MATERIAAL VIR SPERMATOGENESE PAPDRUKKE**

2.2.1 **FIKSERING**

Die sprinkane is met etielasetaat of chloroform gedood. Met etielasetaat is beter resultate verkry; die pote was nie so bros as wanneer chloroform gebruik is nie. Die testis is versigtig uitgedissekteer deur 'n lengtesnit onder in die agterlyf te maak. Die testis is onmiddelik in twee dele metiel-

alkohol en een deel propioonsuur gefikseer en vir ten minste vier uur by kamertemperatuur gehou, waarna die materiaal in die vrieskas gestoor is. Die sprinkane is hierna gemonteer vir identifikasie-doeleindes. Die klassifikasie is volgens Dirsh (1965), en is deur dr. H.D. Brown van die departement Plantbeskerming, Departement Landbou-Tegniese Dienste, gedoen. Die klassifikasie van baie genera is in 'n warboel; alhoewel dit geen effek op die outeur se interpretasies gehad het nie, is dit onmoontlik om foute te voorkom. Die verwysingseksemplare word vir rekorddoeleindes in die Departement Genetika, Universiteit van Pretoria, bewaar en is beskikbaar indien herklassifikasie nodig is.

2.2.2 PAPDRUK EN PERMANENTMAKING

'n Stukkie testis, wat uit sowat drie follikels bestaan, is afgesny en op 'n voorwerpglasie geplaas. Die materiaal is met 'n druppel propioonkarmyn (1 gm karmynpoeier ge-ekstraheer in 0,1 l 45% propioonsuur) bedek. Hierna is die testisstukkie met 'n stamper fyngestamp. 'n Dekglasie, wat met afgerookte Mayer se albumien behandel is (Darlington & La Cour, 1960), is op die materiaal geplaas. Die voorwerpglasie is vervolgens versigtig oor 'n alkoholvlam verhit. Die selle is hierna papgedruk deur die voorwerpglasie tussen twee filtreerpapiere te plaas en hard daarop te druk met die duim. Die dekglasie is van die voorwerpglasie geskei deur dit in 45% asynsuur om te keer in 'n gegroefde bakkie. Die dekglasie is hierna gedehidreer deur dit deur 'n reeks van drie alkohole te neem, vanaf 70% tot absolute

etanol. Die dekglasie is vervolgens in Euparal gemonteer (Pienaar, 1955).

2.3 SPERMATOGENESE – ANALISE

2.3.1 INLEIDING

Die metafase I bivalente is duidelike strukture, wat die aantal en plek van chiasmata relatief goed weerspieël. Die chiasmata vertoon klaarblyklik min of geen terminalisasie tot net voor die aanvang van anafase I nie (sien bespreking). 'n Studie van metafase I gee dus ook 'n relatief goeie skatting van die plek en aantal chiasmata wat in 'n sel voorkom. Vir hierdie analise is 'n sleutel ontwikkel om die chiasma-analise te vergemaklik (Figuur 2.2 bladsy 58), asook om tendense van chiasmalokalisering en beperking van chiasma-aantal te probeer evalueer. Hierdie idee is verkry vanaf John en Hewitt (1970) wat sprinkaanbivalente skematies voorgestel het, en is deur professor H. Liebenberg van die Departement Genetika, Universiteit van Pretoria, verder ontwikkel (persoonlike mededeling). Die gebied rondom die sentromere van meeste sprinkaan spesies is hoogs heterochromaties. In die skematiese voorstelling van die diploteen/diakinese chromosome is die sentromere derhalwe meer gekarteld as die euchromatien voorgestel (Figuur 2.2). (Die metode word hierna die bivalenttipe-analise genoem).

2.3.2 METAFASE I ANALISES


Die plaatjies is sistematies deurgegaan en 30 goedverspreide meiosiete (tensy anders aangedui) is ten opsigte van die bivalenttipes wat voorkom geanaliseer. Individue waar minder as 20 meiosiete ondersoek is (126 individue), is nie in hierdie studie ingesluit nie, omdat 'n deel van hierdie studie die ontwikkeling van nuwe analise-metodes behels. Baie van hierdie verwerkings behels variansie-analises waar 'n redelike aantal meiosiete per individu vereis word, om die herhaalbaarheid van die statistiese analise te verseker. Hierdie informasie is gebruik om 'n bivalenttipe-analise sowel as 'n chiasma-analise op te stel. Die verhouding tussen die aantal bivalente met een chiasma tot die aantal met twee of meer chiasmata is ook bereken. Variansie-analises is ten opsigte van al hierdie aspekte bereken. Die verskillende vorms wat hiervoor gebruik is, word in Figuur 2.3 (bladsy 59) uiteengesit.

2.3.3 CHROMOSOOMMETINGS

Die relatiewe lengtes van die chromosome is met 'n oogstuk-mikrometer gemeet. Anafase I is gebruik om sover moontlik drie stelle metings te doen. Indien anafase I nie voorkom gekom het nie, is metafase II of anafase II gebruik, indien hulle voorgekom het. 'n Idiogram is opgestel deur die chromosome se relatiewe lengtes as 'n persentasie van die totale outosomale chromosoomlengte uit te druk (sien aanhangsel A bladsye A3, A6, A9 en A12 vir 'n voorbeeld). Meeste sprinkaanspesies het

akrosentriese chromosome; die kort arm is nie meetbaar nie. Die relatiewe lengte van $\frac{1}{6}$ word aan daardie arm toegeken. Die X-chromosoom is nie by die berekening van dié totaal in aanmerking geneem nie, aangesien die X-chromosoom, wat hoogs heterochromaties is, baie variasie in lengte toon. Sy relatiewe lengte is wel as 'n persentasie van die totale outosomale chromosoomlengte uitgedruk. Indien B-chromosome en ekstra heterochromatiensegmente in 'n kariotipe voorgekom het, is hulle op dieselfde wyse as die X-chromosoom hanteer. Figuur 2.1 gee die verband tussen die relatiewe en absolute metingskale. Die absolute chromosoomlengte van die langste chromosoom word by sommige idiogramme aangegee.

Figuur 2.1 Die verband tussen die relatiewe en absolute metingskale by 'n spesifieke vergroting.



Uit die figuur kan gesien word dat 1 eenheid relatiewe skaal = 0,98μ

2.3.4 BYKOMSTIGE ANALISES

Indien interessante verskynsels voorgekom het, is ^{hulle} geanaliseer. Daar is byvoorbeeld na die invloed van ekstra heterochromatiensegmente op die posisie van oorkruising in daardie bivalente waarin hulle voorgekom het, gekyk, deur hul

bivalenttipe-analise met die van individue daarsonder te
vergelyk.

FIGUUR 2.2 Skematiese voorstellings van die tipes bivalente en hul chiasma-analises.

PACHITEEN OORKRUI- SING	CHIASMA- ANALISE	DIPLOTEEN/ DIAKINESE	BIVALENT- TIPE	METAFASE I	PACHITEEN OORKRUI- SING	CHIASMA- ANALISE	DIPLOTEEN/ DIAKINESE	BIVALENT- TIPE	METAFASE I
	$\frac{1}{1}$		A			$\frac{2}{0}$		P	
	$\frac{1}{0}$		B			$\frac{3}{2}$		Q	
	$\frac{1}{0}$		C			$\frac{3}{1}$		R	
	$\frac{1}{1}$		D			$\frac{3}{1}$		S	
	$\frac{1}{1}$		E			$\frac{3}{0}$		T	
	$\frac{1}{0}$		F			$\frac{4}{2}$		U	
	$\frac{2}{1}$		G			$\frac{4}{1}$		V	
	$\frac{2}{0}$		H			$\frac{4}{0}$		W	
	$\frac{2}{0}$		I			$\frac{3}{2}$		X	
	$\frac{2}{1}$		J			$\frac{3}{1}$		Y	
	$\frac{2}{2}$		K			$\frac{2}{1}$		Z ₁	
	$\frac{2}{1}$		L			$\frac{2}{0}$		Z ₂	
	$\frac{3}{1}$		M			$\frac{2}{2}$		Z ₃	
	$\frac{3}{0}$		M ₁			$\frac{2}{1}$		Z ₄	
	$\frac{2}{2}$		N			$\frac{2}{0}$		Z ₅	
	$\frac{2}{1}$		O		CHIASMA-ANALISE = gemiddelde aantal chiasmata (per sel) gemiddelde aantal chiasmata geterminaliseerd				

FIGUUR 2.3 h Voorstelling van die verskillende analyse tabelle
 (sien aanhangsel A vir h voorbeeld)

1. Mikroskoopanalise - bivalenttipes van 30 meiosiete.

VERSAMELNUMMER:.....

FAMILIE:..... SUBFAMILIE:..... SPESIE:.....

Sel nr.	Bivalenttipes										(1) Chiasma-analise	(2) $\frac{1}{\bar{x}}$ / $\frac{2}{\bar{x}}$
	A	B	C		G	H	I	L	M			
1												
2												
3												
4												

2. Statistieke van bivalenttipes.

VERSAMELNUMMER:.....

Metafase I	Bivalenttipes									
	A	B	C		G	H	I	L	M	
(3) $N(II^e)$										
(4) \bar{x}/sel										
S										
S^2										
(5) % v (N) bivalente										

3. Statistieke van chiasma-analise:

VERSAMELNUMMER:.....

Chiasmata	(6) N selle	(7) \bar{x}/sel	(8) \bar{x}/II	S	S^2
Aantal Aantal getermina- liseerd					

FIGUUR 2.3 (Vervolg)

 4. Statistieke van die verhouding van bivalente met 1 chiasma tot bivalente met 2 of meer chiasmata (per bivalent).

VERSAMELNUMMER:.....

	N bivalente	\bar{x}/II	%	S	S ²
(9) $\frac{1}{x}$					
(10) $\geq \frac{2}{x}$					
(N) bivalente:					

 5. Chromosoommetings vir die opstel van idiogramme.

VERSAMELNUMMER:.....

Seltipe				\bar{x}	% van totaal
Chromosoom- nommer	Meting 1	Meting 2	Meting 3		
1					
2					
3					
11					
X					
TOTAAL (II)					

- (1) $\frac{\text{Aantal chiasmata per sel}}{\text{Aantal chiasmata geterminaliseerd per sel}} = \text{vergelyking van die aantal chiasmata per sel tot die aantal chiasmata geterminaliseerd per sel}$
 - (2) $\frac{\% \text{ bivalente met 1 chiasma}}{\% \text{ bivalente met 2 of meer chiasmata}}$
 - (3) Totale aantal bivalente van n spesifieke tipe
 - (4) Gemiddelde aantal bivalente van n spesifieke tipe per sel = $N(II^e)/\text{aantal selle}$
 - (5) % voorkoms van n spesifieke bivalenttipe = $N(II^e)/(\text{aantal } II^e/\text{sel} \times \text{aantal selle})$
 - (6) N = totale aantal selle ondersoek
 - (7) $\frac{\text{Totale aantal chiasmata} + \text{Totale aantal meiosiete}}{\text{Totale aantal chiasmata geterminaliseerd} + \text{Totale aantal meiosiete}}$
 - (8) $\frac{\text{Gemiddelde aantal chiasmata per bivalent}}{\text{Gemiddelde aantal chiasmata geterminaliseerd per bivalent}}$
 - (9) Totale aantal bivalente met een chiasma
 - (10) Bivalente met 2 of meer chiasmata
 - (11) Totaal van die gemiddelde metings van die outosome
- S = standaard afwyking S² = variansie

3 RESULTATE

3.1 DATA-INSAMELING

3.2 VERWERKING VAN DIE DATA

3.2.1 **DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE VERSKILLENDE METODES VAN SITOGENETIESE ANALISES EN VERWERKING VAN DIE RESULTATE**

3.2.1.1 **Bivalenttipe-analise, chiasma-analise en statistiese verwerkings**

3.2.1.2 **Idiogramme**

3.3 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

3.3.1 **CHIASMATERMINALISASIE**

3.3.2 **CHIASHAFREKWENSIES EN VERHOUDINGS TUSSEN BIVALENTE MET EEN CHIASMA TOT DIÉ MET MEER AS EEN CHIASMA**

3.3.3 **DIE KARIOTIPES VAN DIE VERSKILLENDE SPRINKAANFAMILIES**

3.3.4 **DIE VOORKOMS VAN CHIASMATA**

3.3.4.1 **Afwesigheid van chiasmata**

3.3.4.2 **Die beheer van die posisie en aantal chiasmata**

3.3.5 **BIVALENTTIPES BY MEIOSE**

3.3.6 **POLIMORFISMES**

3.3.6.1 **Perisentriese inversiepolimorfismes**

3.3.6.2 **B-heterochromatienpolimorfismes**

3.3.6.3 **Wins-aneuploëdie**

3.3.7 **POLITIPISMES**

3.3.7.1 **Kariotipiese politipismes**

3.3.8 INTERSPESIEVERSKILLE

3.3.8.1 Kariotipiese verskille

3.3.8.2 Die mate van rekombinasie

**3.3.9 DIE VOORKOMS VAN DITAKTIESE BIVALENTE
(EKSTRINSIEKE CHIASMATA)**

3.3.10 ASINAPSE VAN HOMOLOË CHROMOSOOMPARE

3 RESULTATE

3.1 DATA-INSAMELING

Dit is 'n onbegonne taak om al die roudata hier te gee. 'n Voorbeeld van 'n volledige analise van 'n spesie word in aanhangsel A gegee. Dit was noodsaaklik om hierdie roudata in 'n halfverwerkte vorm hier te gee. Aanghangsel B gee die gemiddelde analise van elke sprinkaan wat in hierdie studie opgeneem is, asook 'n lokaliteitskaart.

In hierdie ondersoek is die sitogenetiese informasie van 438 verskillende individue van 116 verskillende spesies opgeneem. Hierdie sprinkane behoort tot 7 verskillende families nl: ACRIDIDAE, CHARILAIIDAE, LENTULIDAE, PAMPHAGIDAE, PNEUMORIDAE, PYRGOMORPHIDAE en THERICLEINAE. Die individue wat tot die ACRIDIDAE behoort, is verder in 10 verskillende subfamilies onderverdeel. Hierdie indeling en klassifikasie word in Tabel 3.1 weergegee.

TABEL 3.1 Klassifikasie van die sprinkane van hierdie studie

FAMILIE	SUBFAMILIE	AANTAL INDIVIDUE	AANTAL SPESIES	AANTAL GENERA
ACRIDIDAE	ACRIDINAE	236	45	22
	CALLIPTAMINAE	4	2	1
	CATANTOPINAE	36	12	7
	COPTACRIDINAE	1	1	1
	CYRTACANTHACRIDINAE	3	2	2
	EURYPHYMINAE	10	5	4
	EYPREOCNEMIDINAE	8	5	3
	HEMIACRIDINAE	13	6	4
	OXYINAE	4	1	1
	TRUXALINAE	41	12	9

CHARILAIIDAE		1	1	1
LENTULIDAE		22	8	5
PAMPHAGIDAE		8	2	2
PNEUMORIDAE		1	1	1
PYRGOMORPHIDAE		48	12	9
EUMASTACIDAE	THERICLEINAE	2	1	1
TOTALE		438	116	73

3.2 VERWERKING VAN DIE DATA

3.2.1 **DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE VERSKILLENDE METODES VAN SITOGENETIESE ANALISES EN VERWERKING VAN DIE RESULTATE**

Dit is noodsaaklik om metodes van analise en die verwerking daarvan te ontwerp wat die sitogenetiese informasie effektief benut. Een van die doelwitte van hierdie studie is om sulke metodes te toets.

3.2.1.1 **Bivalenttipe-analise, chiasma-analise en statistiese verwerings**

Die datatabelle (Aanhangsel B) gee die gemiddelde persentasie van al die bivalenttipes, die gemiddelde chiasma-analise asook die verhouding bivalente met een chiasma tot meer as een chiasmata vir elke individu wat ondersoek is. Die tipe bivalente gee 'n aanduiding van die posisie van die chiasmata, terwyl die frekwensies onder andere aanduidings van chiasma-frekwensiebeperking gee. Hieruit kan ook die mate van

rekombinasie afgelei word. Alhoewel die chiasma-analise dit nie moontlik maak om chiasmalokalisering te identifiseer nie, is dit wel moontlik om verskillende spesies met dieselfde $2n$ -aantal, veral ten opsigte van die mate van rekombinasie, te vergelyk. Die verhouding bivalente met een chiasma tot bivalente met meer as een, gee ook 'n aanduiding van die mate van rekombinasie, maar geen aanduiding van chiasmalokalisering nie. Hierdie verhouding kan wel gebruik word om kariotipes van verskillende $2n$ -aantalle en genome met verskillende sentromeerposisies, te vergelyk.

Die berekening van die variansie van die bivalenttipes, die hoeveelheid chiasmata en die verhouding bivalente met een chiasma tot meer as een, is nie soveel van nut in hierdie studie nie, omdat die hoeveelheid individue van elke spesie wat ondersoek is, so beperk is. Dit sal veral waardevol wees met bevolkingstudies. Dit kan gebruik word om individue van dieselfde bevolking asook verskillende bevolkings te vergelyk.

Om die komplekse datatabelle te vereenvoudig, is die gemiddelde chiasmafrekwensies, die gemiddelde verhoudings van bivalente met een chiasma tot meer as een, asook hul intervalle van elke spesie bereken. Hierdie informasie kan gebruik word om tot 'n mate te bepaal hoeveel variasie binne groepe voorkom.

Selfs na die berekening van die persentasie bivalenttipes van 'n individu is dit steeds moeilik om verskillende individue asook verskillende spesies te vergelyk. Dit was dus

noodsaaklik om 'n visuele metode te ontwerp om hierdie vergelykings te vergemaklik. Een metode is om 'n histogram, wat die frekwensies van al die bivalenttipes voorstel, te plot. 'n Ander metode is om 'n gemiddelde bivalenttipe-analise te bereken en daarna die gemiddelde afwyking van 'n spesie te plot. Die tweede metode is meer bruikbaar, omdat dit makliker verskille uitwys. Die opstel van so 'n gemiddelde analise kan hoofsaaklik op twee wyses geskied. Eerstens kan 'n teoretiese analise bereken word, deur 'n frekwensie aan elke bivalenttipe toe te ken (met inagneming van die posisies van die chiasmata) en daarna 'n teoretiese bivalenttipe verdeling te bereken. 'n Tweede metode is om 'n gemiddelde meiose-analise te bereken. Beide hierdie metodes is ewe bruikbaar, aangesien so 'n teoretiese of berekende meiose-analise slegs as 'n verwysingspunt dien. In hierdie studie is van die tweede metode gebruik gemaak, omdat dit relatief eenvoudiger is. Vir elke kariotipe is 'n gemiddelde analise bereken. Die gemiddelde analise van die $2n=23$ -groep is uit 'n toevallige monster van 200 individue bereken, terwyl al die individue gebruik is by die berekening van die gemiddelde analise van die $2n=19$ -groep (56 individue). Die verskillende gemiddelde meiose-analises wat in hierdie studie gebruik is, is as volg:

2n=23-groep

Bivalenttipes (%)			D	G	H	I	L	M	J	K
A	B	C								
28,07	31,59	12,02	0,07	15,59	6,14	2,98	1,49	1,99	0,07	0,04

Gemiddelde aantal chiasmata/sel 14,34
 Gemiddelde aantal chiasmata/sel geterminaliseerd 5,03


2n=19-groep

Bivalenttipes (%)			G	H	I	L	M	J	K
A	B	C							
26,38	26,42	10,24	27,74	5,71	1,66	0,76	0,97	0,04	0,10

$$\frac{\text{Gemiddelde aantal chiasmata/sel}}{\text{Gemiddelde aantal chiasmata/sel geterminaliseerd}} = \frac{12,42}{5,03}$$

Vir die berekening van 'n histogram is eerstens die afwyking van elke individu binne 'n spesiegroep bepaal en onder mekaar vergelyk. Indien hulle grootliks ooreenstem is 'n histogram wat die verskil tussen die berekende gemiddeld van 'n spesie en die gemiddelde analise van 'n 2n-aantal-groep voorstel, opgestel. Op hierdie wyse kan individue wat verskil van die res uit 'n groep geïsoleer word. Die afwykings van hierdie individue kan deur aparte histogramme voorgestel word (Figuur 3.1 bladsy 68). Dit moet egter beklemtoon word, dat hierdie voorstelling op relatief klein aantalle gebaseer is, en slegs tendense aandui. Die groot nut van hierdie metode is om individue van verskillende lokaliteite van dieselfde spesie asook verskillende spesies en genera met mekaar te vergelyk. Indien die aantal individue per lokaliteit of spesie groot genoeg is, kan statistiese metodes gebruik word om uitskieters te identifiseer.

FIGUUR 3.1 Histogramme van die verskillende spesies wat die afwyking vanaf die gemiddeld van die betrokke 2n-groep ten opsigte van die verskillende bivalenttipes voorstel



MVP = monovalentpare

3.2.1.2 Idiogramme

Idiogramme is skematiese voorstellings van die kariotipes van die verskillende spesies (Figuur 3.3 bladsy 133). Hulle is waardevol om veral sitogenetiese verskynsels uit te lig, byvoorbeeld die posisie van die sentromeer, die relatiewe lengtes van die chromosome, die geslagschromosoomopset, die voorkoms van B-chromosome, die voorkoms en posisie van B-heterochromatien asook ander strukturele abnormaliteite.

3.3 **BESPREKING VAN DIE RESULTATE**

3.3.1 **CHIASMATERMINALISASIE**

In sprinkane word chiasmaterminalisasie blykbaar uitgestel tot die aanvang van anafase I (Sannomiya, 1968; Fox, 1973). 'n Klein bykomstige analise ter ondersteuning van hierdie bevinding, is gedoen. Uit hierdie paar diakinese en metafase I chiasma-analise-vergelykings, blyk dit om wel die geval te wees. Twee individue, asook 'n ander individu wat nie by hierdie versameling ingesluit is nie, se vergelykings word in Tabel 3.7 (bladsy 113) weergegee. Dit vertoon geen betekenisvolle verskil tussen diakinese en metafase I nie.

3.3.2 **CHIASMAFREKWENSIES EN VERHOUDINGS TUSSEN BIVALENTE MET EEN CHIASMA TOT DIÉ MET MEER AS EEN CHIASMATA**

Tabel 3.2 (bladsy 95) is 'n uittreksel van die datatabelle (Aanhangsel B) en gee 'n opsomming van die chiasma-analise sowel as die verhouding van bivalente met een chiasma tot meer as een chiasmata. Die syfer n dui die aantal individue wat gebruik is in die betrokke berekening aan. Weens die beperkte aantal individue wat per spesie ondersoek is, is hierdie berekenings moontlik nie akkurate skatters van die gemiddelde chiasmafrekwensie en variasie tussen individue van dieselfde spesie nie. Hulle gee wel 'n aanduiding van die grootte-orde

van die gemiddelde chiasmafrewensie en die mate van variasie tussen die individue van 'n groep.

Wanneer al die spesies met dieselfde $2n$ -aantal as 'n groep beskou word, kan die informasie meer sinvol interpreteer word nl: die $2n=23$ -groep met 11 akrosentriese outosoompare en 'n X-chromosoom; die $2n=19$ -groep met 9 akrosentriese outosoompare en 'n X-chromosoom; die $2n=13$ -groep met 3 akrosentriese outosoompare, 3 meta/submetasentriese outosoompare en 'n X-chromosoom en die $2n=11$ -groep met 1 akrosentriese outosoompaar, 4 meta/submetasentriese outosoompare en 'n X-chromosoom. Binne elk van hierdie groepe is daar relatief baie variasie ten opsigte van die gemiddelde aantal chiasmata per sel (Tabel 3.2).

Die $2n=23$ -groep beslaan die families **ACRIDIDAE**, **CHARILAIIDAE**, **PNEUMORIDAE** en **LENTULIDAE**. Die **ACRIDIDAE**, wat die grootste deel van hierdie ondersoek beslaan, toon ook die grootste variasie in chiasmafrewensies.

Pternoscirtus pallidus, van die Chuniespoortgroep, het die hoogste gemiddelde chiasmafrewensie van $17,35 \pm 0,38$ per sel (Tabel 3.2 no. 43). Die laagste chiasmafrewensie word by Gymnobothrus cruciatus aangetref nl: 11,00 (Tabel 3.2 no. 21). In hierdie geval is daar 'n strenge beheer oor die hoeveelheid, asook die posisie van die chiasmata (Tabel 3.5 no. 2 bladsy 107). Min individue is van die ander $2n=23$ families ondersoek. Die chiasma-analise van hierdie families nl: **CHARILAIIDAE** (Tabel

3.2 no. 104), **PNEUMORIDAE** (Tabel 3.2 no.107) en **LENTULIDAE** (Tabel 3.2 no. 108-115), val binne die interval van die **ACRIDIDAE**. Alhoewel net een Pneumorid ondersoek is, is dit interessant om te let dat die chiasmafrewensie relatief laag is (13,89). Die vraag ontstaan of dit algemeen vir hierdie familie is.

Spesies van sommige genera se chiasmafrewensies is baie ooreenstemmend, terwyl daar relatief baie variasie tussen individue binne 'n spesie bestaan. Voorbeelde hiervan is die genera: Acrida, Aiolopus, Coryphosima, Gastrimargus en Oedaleus (Tabel 3.2 no.1-3; 10-11; 14-15; 17-20; 30-33).

Spesies van ander genera se chiasmafrewensies verskil heelwat, byvoorbeeld: Acrotylus, Orthochtha, Acorypha, Heteracris en Pseudoarcpytera (Tabel 3.2 no. 4-9; 34-37; 46-47; 69-71; 87-89). Die verskillende spesies van Catantops, asook die individue binne 'n spesie, toon min variasie in chiasmafrewensies (Tabel 3.2 no. 52-56).

Die families **PAMPHAGIDAE** en **PYRGOMORPHIDAE** vorm die $2n=19$ -groep. Die hoogste gemiddelde chiasmafrewensie van die **PYRGOMORPHIDAE** kom by Pyrgomorpha spesie (B) voor (13,73 persel), terwyl Atractomorpha acutipennis die laagste frekwensie het (11,14+0,17) (Tabel 3.2 no. 101; 92).

In die **PAMPHAGIDAE** is die gemiddelde chiasmafrewensie relatief laer as die **PYRGOMORPHIDAE**. Lamarckiana nasuta se gemiddelde

frekwensie is $10,95 \pm 1,12$, terwyl dié van Lobosceliana cinerascens $9,85 \pm 0,18$ (Tabel 3.2 no. 105: 106) is.

Die genus Pyrgomorpha bestaan uit spesies van verskillende $2n$ -aantalle nl: $2n=19$, 13 en 11, en gevolglik groot verskille in die gemiddelde chiasmafrewkencies van die verskillende spesies (Tabel 3.2 no. 98-101). Binne die $2n=13$ -groep, waar twee spesies ondersoek is, is daar blykbaar min variasie in die gemiddelde chiasmafrewkencie. $10,23$ chiasmata per sel is die hoogste frekwensie wat aangetoon is, terwyl $9,22 \pm 0,42$ die laagste is. Slegs een spesie van die $2n=11$ -groep is ondersoek. Die gemiddelde chiasmafrewkencie is soortgelyk aan die $2n=13$ -groep, maar verskil grootliks in die verhouding van bivalente met een tot meer as een chiasmata. In hierdie geval is minder akrosentriese outosoompare, met gevolglik 'n laer persentasie bivalente met slegs een chiasma (Tabel 3.2 no. 98).

Die gemiddelde aantal chiasmata per bivalent is 'n besondere interessante berekening. Indien die **ACRIDIDAE**, met 11 akrosentriese outosoompare, vergelyk word met die **PYRGOMORPHIDAE**, met 9 akrosentriese outosoompare, is dit duidelik dat die gemiddelde hoeveelheid chiasmata per bivalent ooreenstemmend is. Hierdie waarde wissel van 1,19 tot $1,58 \pm 0,04$ (spesies met 'n besondere identifiseerbare beheer oor chiasmata uitgesluit) (Tabel 3.2 no. 26; 43) in die **ACRIDINAE** en $1,24 \pm 0,02$ tot 1,53 in die **PYRGOMORPHIDAE** (Tabel 3.2 no. 92; 101). Die **CHARILAIIDAE** en **LENTULIDAE** is soortgelyk. Die gemiddelde aantal chiasmata per bivalent van die **PNEUMORIDAE** en

PAMPHAGIDAE is besonder laag en is waarskynlik algemeen vir hierdie families. In die algemeen wil dit voorkom asof die rekombinasiepotensiaal hoofsaaklik as gevolg van onafhanklike sortering verskil, maar nie ten opsigte van die hoeveelheid oorkruisings per bivalent nie.

In die nie-volkome akrosentriese kariotipes is die situasie heelwat anders. Die $2n\overset{\uparrow}{=}11$ -groep, met een akrosentriese en vier meta/submetasentriese outosompare, en die $2n\overset{\uparrow}{=}13$ -groep, met drie akrosentriese en drie meta/submetasentriese outosompare, het besondere hoë frekwensies chiasmata per bivalent nl. $1,89\pm 0,06$ (Tabel 3.2 no. 98) en 1,71 (Tabel 3.2 no. 99). Die meta/submetasentriese bivalente het gewoonlik ten minste een chiasma in elke arm. Die feit dat chiasma-interferens blykbaar oor die sentromeer opgehef word, verseker 'n hoë voorkoms van twee of meer chiasmata bivalente en gevolglik 'n hoë chiasmafrewensie per bivalent.

3.3.3 DIE KARIOTIPES VAN DIE VERSKILLENDE SPRINKAANFAMILIES

Die kariotipiese samestelling van die $2n\overset{\uparrow}{=}23(XO)$ -groep is, soos uit die literatuur blyk, baie uniform met 11 akrosentriese outosompare en 'n akrosentriese X-chromosoom. Die outosome toon 'n geleidelike afname in lengte. (Figuur 3.3).

Karruacris browni van die familie **LENTULIDAE**, se kariotipiese samestelling is nie die verwagte $2n\overset{\uparrow}{=}23(XO)$ nie, maar is

politipies met $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=20(\text{neo-XY})$ en $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=19(X_1X_2Y)$ bevolkings. Die individu wat van hierdie versameling ondersoek is, behoort tot die laasgenoemde groep (Figuur 3.3 no. 88).

Die kariotipes van die **PYRGOMORPHIDAE** is, soos verwag, baie variabel. Meeste van die spesies is $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=19(XO)$ met 9 akrosentriese outosoompare en een akrosentriese X-chromosoom. Sentriese verenigingstranslokasies het die $2n$ -aantal van sommige spesies verander na $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=11$ en 13 (Figuur 3.3 no. 77-78). Die totale aantal chromosoomarms (uitgesonder die kort arms) van hierdie spesies is dieselfde as dié met $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=19$.

Die twee spesies van die **PAMPHAGIDAE**, wat ondersoek is, se kariotipiese samestelling is soortgelyk aan die $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=19$ Pyrgomorfgroep.

Die twee individue van die spesie T van die **EUMASTACIDAE** (subfamilie: **THERICLEINAE**), se $2n\overset{\uparrow}{\sigma}=17(XO)$. Geen kariotipes kon van hulle opgestel word nie.

3.3.4 DIE VOORKOMS VAN CHIASMATA

3.3.4.1 Afwesigheid van chiasmata

Twee individue van die spesie T van die subfamilie **THERICLEINAE** (familie: **EUMASTACIDAE**) is ondersoek. Beide hierdie individue se meioses is achiasmatis. Hier was blykbaar 'n seleksie vir strenge rekombinasiebepkering in die ontwikkeling van dié vlerklose sprinkaan (Figuur 3.2 no. 65).

3.3.4.2 Die beheer van die posisie en aantal chiasmata

By sewe spesies is daar 'n strenge beheer oor die voorkoms van chiasmata (Tabel 3.5). Al hierdie spesies is van die familie **ACRIDIDAE**. Daar is twee aspekte veral van belang by hierdie beheer nl: die posisies van die chiasmata wat gelokaliseer is, en tweedens, die gemiddelde hoeveelheid chiasmata per sel is beperk. Vyf van die spesies se chiasmata is gelokaliseer en die chiasmafrekwensie is beperk (Tabel 3.5 no. 1; 2; 3; 5; 6). Alhoewel die posisies van die chiasmata gelokaliseer by Parga xanthoptera en Pseudogmothela ? rehni is, is die frekwensie nie beïnvloed nie. Figuur 3.2 (no. 6; 12; 13; 14; 29; 44; 45) gee skematiese voorstellings van hierdie interessante meioses.

3.3.5 BIVALENTTIPES BY MEIOSE

Die afwykingshistogramme (Figuur 3.4 bladsy 146) wys duidelik dat daar baie variasie tussen al die spesies se spesifieke meioses bestaan. Baie van die spesies van die $2n_0=23$ -groep se bivalenttipeverdelings wyk nouliks van die gemiddeld af, terwyl die verskillende spesies van die $2n_0=19$ -groep baie uiteenlopend is. Die persentasie voorkoms van een-chiasma bivalente teenoor meer as een chiasmata bivalente gee 'n goeie indikasie van die chiasmafrekwensies van die spesifieke spesie (of individu). Die spesies met 'n strenge beperking in die hoeveelheid chiasmata per sel kan maklik geïsoleer word (Figuur 3.4 no. 21; 32; 39; 65; 110). Die bogenoemde spesies is ook voorbeelde

waar 'n verhoogde neiging tot sekere bivalenttipes bestaan, en gevolglik kan chiasmoposisies geïdentifiseer word. 'n Ander nut van hierdie histogramme is om die meioses van individue van dieselfde spesie vanaf verskillende lokaliteite te vergelyk.

3.3.6 POLIMORFISMES

3.3.6.1 Perisentriese inversiepolimorfismes

Oedaleus nigrofasciatus en Brachycrotaphus tryxalicerus is twee spesies waar perisentriese inversies blykbaar 'n algemene verskynsel is (Figuur 3.3 no. 29; 65). Beide die individue van O. nigrofasciatus, wat ondersoek is, se X-chromosoom is subtelosentriese, terwyl die outosome verskeie perisentriese inversies in die homosigotiese sowel as die heterosigotiese toestand bevat. Individue Z/81/113 is homosigoties vir inversies in chromosome 1; 2; 3 en 8. Individue Z/81/10 is homosigoties vir inversies in chromosome 1; 2; 3 en 4 en heterosigoties vir 'n klein perisentriese inversie in chromosoom 7 en waarskynlik ook vir chromosoom 8 (baie onduidelik) (Figuur 3.2 no. 25; 26). Die verlengde kort arms veroorsaak 'n verhoogde voorkoms van bivalente met ekstrinsieke chiasmata (gemiddeld 0,61% D-tipes; 2,27% J-tipes; 1,21% K-tipes). Dit is besonder interessant om te let dat hier 'n voorbeeld is met variasie binne 'n lokaliteit (Wilgerivier).

'n Soortgelyke situasie bestaan by Brachycrotaphus tryxalicerus, waar al die individue ook vanaf die Wilgerivier afkomstig is. Sommige van die perisentriese inversies is baie

klein en is dit nie altyd moontlik om met sekerheid te bepaal of hulle homosigoties of heterosigoties is nie. Die chromosome betrokke by die vier individue wat ondersoek is, is nl: chromosome 1; 4; 5; 6 en 7. Individu Z/80/04 is waarskynlik homosigoties en heterosigoties vir twee inversies elk. Individu Z/80/05 is homosigoties vir al vyf chromosome. Individu Z/80/06 is homosigoties vir twee inversies. Individu Z/80/10 is homosigoties vir drie en heterosigoties vir twee inversies. Die X-chromosoom van hierdie spesie is blykbaar subtelosentrië. Hier ook is 'n besondere hoë gemiddelde voorkoms van ekstrinsieke chiasmata (0,85% D-tipes; 0,08% Z₁-tipes; 0,15% Z₂-tipes; 4,43% Z₃-tipes; 3,75% Z₄-tipes; 0,57% Z₅-tipes; 2,15% Q-tipes; 1,18% S-tipes; 0,25% X-tipes).

Vier van die tien individue van Truxaloides constrictus het 'n relatief hoë persentasie K-tipe bivalente (gemiddeld 0,15%). Dit is waarskynlik 'n indikasie van een, miskien meer, baie klein perisentriëse inversies.

Dit is interessant om te let dat beide Brachycrotaphus tryxalicerus en Truxaloides constrictus by die familie **ACRIDIDAE** en subfamilie **TRUXALINAE** ingedeel is. Die vraag ontstaan nou of hierdie kariotipiese veranderings 'n algemene verskynsel in hierdie groep is.

3.3.6.2 B-heterochromatienpolimorfismes

Tabel 3.3 (bladsy 104) gee 'n opsomming van die voorkoms van B-heterochromatien. By 29 individue vanaf 13 verskillende

spesies (11,21%), van hierdie versameling, kom B-heterochromatien in die homosigotiese of heterosigotiese toestand voor. B-heterochromatien blyk om relatief volop in die **ACRIDIDAE** te wees, maar relatief skaars in die ander families. By vier individue kom B-heterochromatien in twee verskillende bivalente voor. B-heterochromatien word hoofsaaklik in die kleiner chromosome aangetref. Die chromosoomnommer, is waar moontlik, ook aangegee. 69,70% van die segmente is distaal, terwyl 12,12% proksimaal, 9,09% interstisieël en 9,09% ekstrinsiek geleë is. By sekere genera en spesies is B-heterochromatien blykbaar 'n algemene verskynsel, byvoorbeeld: Acrotylus en Oedaleus (Tabel 3.3 no. 1; 2; 4).

Die teenwoordigheid van B-heterochromatien in Cannula gracilis, Orthochtha dasyncemis, Platypternodes brevipes en Lentula obtusifrons het geen identifiseerbare effek op die meiose nie.

In ander spesies is daar wel indikasies dat die teenwoordigheid, al dan nie, wel een of ander effek op die meiose het, en vereis meer uitgebreide besprekings:

Acrotylus furcifer en A. patruelis

Individu Z/82/117 van A. furcifer is besonder interessant in dié dat dit heterosigotiese distale B-heterochromatien bevat en differensiële sentromeeraksie vertoon (Figuur 3.2 no. 1 bladsy

114). Alhoewel die meiose van die twee individue wat ondersoek is, nie noemenswaardig verskil nie, is die vraag of die teenwoordigheid van hierdie B-heterochromatien nie verantwoordelik vir die differensiële sentromeeraksie is nie. Individu Z/79/45 van A. patruelis, wat geen B-heterochromatien bevat nie, het ook differensiële sentromeeraksie (Figuur 3.2 no. 5). Dit blyk dat die differensiële sentromeeraksie nie die gevolg is van die teenwoordigheid van die B-heterochromatien nie.

Drie individue uit die agt A. patruelis bevat ook B-heterochromatien (Tabel 3.3 no. 2). In twee van hierdie individue is die B-heterochromatien in twee verskillende bivalente (Figuur 3.2 no. 3,4). B-heterochromatien het wel 'n effek op die meiose wanneer twee of meer segmente in 'n individu voorkom. Z/82/193, met twee segmente, se meiose toon 'n verhoging in veral proksimale (C- en G-tipes bivalente) chiasmata en 'n verlaging in distale chiasmata (A-tipes), asook 'n relatiewe verhoging in chiasmafrekwensie as vergelyk word met die ander individue van die groep (Figuur 3.4 11; 14). Z/82/111, met drie segmente, het ook 'n toename in interstisiële chiasmata (B-tipes) en 'n mate van chiasmafrekwensie-verhoging (Figuur 3.4 no. 13). Individu Z/79/45 wat differensiële sentromeeraksie vertoon, maar geen B-heterochromatien bevat nie, se meiose verskil ook. Daar is 'n afname in enkel-chiasma bivalente en 'n verhoging in 2/meer chiasmata bivalente (Figuur 3.4 no. 12). Hierdie verskynsel vereis verdere ondersoek na moontlike oorsake en meer uitgebreide bevolkingstudies.

Oedaleus carvalhoi

O. carvalhoi blyk 'n interessante spesie te wees, veral ten opsigte van 'n in-diepte ondersoek na die voorkoms van B-heterochromatien. Dertien van die agtien individue wat ondersoek is, bevat B-heterochromatien. (Tabel 3.3 no 4). Behalwe vir twee interstisiële segmente, is almal distaal. Een individu (Z/82/186) is homosigoties vir 'n interstisiële segment, asook heterosigoties vir 'n distale segment (Figuur 3.2 no. 20 - 22). Die distale segment is in chromosoom 10, terwyl die interstisiële segment waarskynlik in chromosoom 9 is. Die teenwoordigheid van B-heterochromatien het geen effek op die chiasmfrekwensie nie. Daar is blykbaar 'n verskil in die posisie van 'n chiasma in 'n segmentdraende individu met twee bivalente wat segmente bevat, teenoor 'n individu met een segmentdraende bivalent. Die persentasies van die verskillende chiasmposisies is as volg:

Individue met een segmentdraende bivalent:-

homosigoties distaal - 17% proksimaal : 83% interstisiël

heterosigoties distaal - 70% proksimaal ; 30% interstisiël

homosigoties interstisiël - 100% distaal

Individu Z/82/186 met twee segmentdraende bivalente:-

heterosigoties distaal - 6% proksimaal : 67% interstisiël

9% distaal : 18% ekstrinsiek

homosigoties interstisiël - 88% distaal : 9% proksimaal :

3% ekstrinsiek.

Dit is duidelik dat 'n bivalent met 'n homosigotiese distale segment se chiasma hoofsaaklik interstisieel voorkom, terwyl 'n bivalent met 'n heterosigotiese distale segment se chiasma hoofsaaklik proksimaal geleë is. 'n Bivalent met 'n homosigotiese interstisiële segment se chiasma is gewoonlik in die distale euchromatiese segment. Individu Z/82/186 met twee segmentdraende bivalente se bivalent met 'n heterosigotiese distale segment se chiasmoposisie is anders as in die geval van 'n individu met 'n enkel segmentdraende bivalent. Figuur 3.2 (no. 15 - 24) gee skematiese voorstellings van die meiose van die individue met B-heterochromatien.

Paraparga brunnea

Die enigste individu wat van hierdie spesie ondersoek is, (Z/81/237), is heterosigoties vir proksimale B-heterochromatien. Die chiasma in hierdie bivalent is altyd distaal geleë (Figuur 3.2 no. 28).

Sphingonotus scabriculus

Die enkele individu wat ondersoek is, se B-heterochromatien is in die homosigotiese toestand in een van die mediumlengte chromosome. Indien dit algemeen voorkom in hierdie spesie, is dit moontlik 'n megameriese bivalent.

Oxya hyla

Hierdie is een van die nie-**ACRIDINAE** spesies met B-heterochromatien. Individu Z/82/126 is heterosigoties vir distale B-heterochromatien aan chromosoom 11 (Figuur 3.2 no. 34). Hierdie B-heterochromatien het geen effek op die chiasmafrekwensie nie, maar wel op die bivalenttipeverdeling. Die histogramme (Figuur 3.4 no. 102 - 103) wys dat daar 'n drastiese vermindering in A-tipes en 'n vermeerdering in B- en C-tipes bivalente is. Distale chiasmata in hierdie bivalent is baie skaars. Die teenwoordigheid van die B-heterochromatien verskuif die chiasma in die rigting van die sentromeer.

Pnorisa squalus

Daar bestaan relatief baie variasie in die gemiddelde chiasmafrekwensies van die agt individue wat van hierdie spesie ondersoek is. Almal kom van verskillende lokaliteite. Al die individue se bivalenttipeverdelings is ooreenstemmend. Individu Z/82/213 het 'n besondere interessante sitogenetiese abnormaliteit. Chromosoom 10 is blykbaar heterosigoties vir ekstrinsieke B-heterochromatien. Tydens meiose is dit duidelik dat daar 'n verswakking in die chromatien proksimaal tot die sentromeer bestaan. Soms is die sentromeer en die heterochromatien baie lossies aan die bivalent verbind, terwyl in ander gevalle dit losgekrom het. Wanneer die sentromeer nie verbind is aan die bivalent nie, kan daardie chromosoom (sonder die sentromeer), asook die sentromeriese fragment toevallig in

die eerste delingspool ingesluit word. Indien hulle ingesluit word, sal die chromatiede segregeer en die sentromeer verdeel, maar bereik blykbaar nie die vormende anafase II pole nie. Indien die sentromeer los gebind is aan die bivalent, verloop die eerste deling normaal, maar by die tweede deling bereik die sentromere die pole en die skeiende chromatiede sloer by die ewenaar, alhoewel nog verbind aan die bewegende sentromere. Dit sou interessant wees om 'n uitgebreide studie te loods om vas te stel hoe algemeen hierdie abnormaliteit is (Figuur 3.2 no. 41-43). Ongelukkig is daar 'n groot tekort aan voldoende aantalle anafase I en II meiosiete.

Chrotogonus hemipterus

Individu Z/82/165 is heterosigoties vir proksimale B-heterochromatien in chromosoom 11. Hierdie heterochromatien het geen noemenswaardige effek op die meiose nie, behalwe dat dié heteromorfiëse chromosoompaar soms ongepaard voorkom (1,89%) (Figuur 3.2 no. 47), en selfs een keer 'n ekstrinsieke chiasma gehad het (0,37% K-tipes). Hierdie chromosoompaar het blykbaar sinapseprobleme.

3.3.6.3 Wins-aneuploëdie

Tabel 3.4 (bladsy 106) wys dat slegs 2,74% (12 uit 438) individue van hierdie versameling aneuploëid is. Aneuploëdie is blykbaar relatief skaars in Suid-Afrikaanse sprinkane. Die ekstra chromosome is meestal B-chromosome, terwyl twee individue aneuploëid vir outosome is. Die B-chromosome kan in twee

klasse verdeel word nl: klein (kleiner as die kleinste outosoom) en groot (ongeveer driekwart die grootte van die X-chromosoom). Hierdie chromosoom is gewoonlik heterochromaties en toon gerigte beweging by anafase I en chromatiedsegregasie by anafase II soos in die geval van die X-chromosoom. Geen voorbeelde is gevind waar die X-chromosoom geassosieer voorkom nie. Nege van die 12 individue is van dieselfde familie, **ACRIDIDAE** (9 uit 356=2,53%). Slegs een individu is in die families **PAMPHAGIDAE**, **PYRGOMORPHIDAE** en **LENTULIDAE** elk gevind om aneuploïed te wees. (1 uit 8=12,5%; 1 uit 48=2,08%; 1 uit 22=4,55% respektiewelik).

In meeste van die spesies, wat ondersoek is, het die teenwoordigheid, al dan nie, van die B-chromosoom geen identifiseerbare effek op die meiose nie. Die fenotipiese effekte is nie gemonitor nie. Drie van die aneuploïede spesies vereis spesiale vermelding.

Coryphosina vacina

Individu Z/81/147 is aneuploïed vir 'n ekstra euchromatiese chromosoom. Alhoewel dié chromosoom geen sinapse met die normale komplement ondergaan nie, is dié individu waarskynlik aneuploïed vir 'n outosoom. Dié chromosoom se gedrag is nie soos dié van 'n B-chromosoom nie. Dit sloer by anafase I en indien dit toevallig by 'n pool ingesluit word, ondergaan dit chromatiedsegregasie by anafase II (Figuur 3.2 no. 7).

Dirshacris aridus

Een van die twee individue (beide vanaf Graaff-Reinet) is aneuploïed vir twee bykomstige homologe chromosome sodat $2n+25$ (Figuur 3.2 no. 32). Hierdie bykomstige bivalent is volkome euchromaties met 'n tipiese outosoomgedrag. Dit is waarskynlik 'n outosoompaar wat nooit multivalentparing ondergaan nie. Die chiasmafrekwensies van beide individue is besonder hoog (Tabel 3.2 no. 73).

Pyrgomorpha granulata

Individu Z/82/164 is aneuploïed vir 'n bykomstige euchromatiese iso-B-chromosoom (Figuur 3.2 no. 51). Die effek van die teenwoordigheid van die B-chromosoom is om die gemiddelde chiasmafrekwensie te verhoog (Tabel 3.2 no. 99). Wanneer die histogramme van die bivalenttipeverdelings vergelyk word, is dit duidelik dat G-tipes (twee chiasmata bivalente) meer volop is, Q- en S-tipes (drie chiasmata bivalente) heelwat hoër is met 'n daling van Z₃- en Z₄-tipes).

3.3.7 POLITIPISMES

Weens die feit dat hierdie 'n oorsigstudie van die sitogenetika van suidelike Afrikaanse sprinkane is, is daar by meeste van die spesies baie min individue ondersoek. In 'n aantal gevalle is dit wel moontlik om aanduidings van lokaliteitsverskille aan te toon.

3.3.7.1 Kariotipiese politipismes

Duronia chloronota (**ACRIDIDAE: ACRIDINAE**) is een van twee spesies met 'n sterk aanduiding van kariotipiese verskille tussen bevolkings. Individu Z/83/137 vanaf die Lebomboberge se chromosoom nommer 1 is lank, terwyl die individue vanaf Potgietersrus en Groothoekhospitaal se chromosoom 1 baie korter is (Figuur 3.3 no. 15; 16). Behalwe vir die kariotipiese verskil, is daar 'n verskil in die chiasmapatroon. Individu Z/83/137 se gemiddelde chiasmafrekwensie is heelwat laer as dié van die ander groep (Tabel 3.2 no. 16), wat weerspieël word deur die afwykingshistogramme (Figuur 3.4 no. 25; 26).

Een individu van Karruacris browni (**LENTULIDAE**) is ondersoek en is blykbaar ook deel van 'n politipiese bevolking (sien algemene bespreking). Die interessante kariotipiese samestelling van $2n_0=19(X_1X_2Y)$, met 6 akrosentriese outosoompare, 2 subtelosentriese outosoompare, 1 metasentriese X_1 -chromosoom, 1 akrosentriese X_2 -chromosoom en 'n submetasentriese Y-chromosoom, is hier gevind. Twee outosoom-geslagschromosoom en een outosoom-outosoom sentriese verenigingstranslokasies verklaar die $2n_0=19$. Die tweede subtelosentriese outosoompaar kan slegs verklaar word deur die voorkoms van 'n perisentriese inversie.

Anaeolopus socius

Nege individue van die enigste spesie in hierdie genus is ondersoek. Daar is relatief min variasie in die chiasmafrekwensies (Tabel 3.2 no. 12). Hierdie spesie is waarskynlik 'n goeie kandidaat vir lokaliteitstudies. Die individue kan ten opsigte van hul meiose in vier verskillende groepe verdeel word, waar elke groep 'n tipiese analise het (Figuur 3.4 no. 17-20). Die Pearly Beach-groep het 'n relatief lae chiasmafrekwensie met veral 'n verhoging in distale chiasmata (A-tipes). Die individu van Hogsback se meiose is soortgelyk aan die gemiddelde analise. Die individu vanaf Bazyabos toon veral 'n verhoging in een-chiasma bivalente, terwyl C-tipes skaars is. Die groep vanaf Isidengebos se meiose is soortgelyk aan die gemiddeld, behalwe vir 'n toename in distale chiasmata (A-tipes). Indien meer individue ondersoek word, kan meer duidelikheid hieromtrent verkry word.

Orthochtha tunstali

Individu Z/83/107 vanaf die Lebomboberge se meiose verskil van die res van die groep wat vanaf Pretoria-omgewing kom. By die Pretoria-groep is daar onder andere 'n grootskaalse afname in interstisiële chiasmata (B-tipes) wat nie die geval is by Z/83/107 is nie (Figuur 3.4 no. 47; 48).

Pternoscirtus pallidus

Die individue van P. pallidus kan op grond van hul meioses in twee groepe verdeel word nl: Chuniespoortgroep en die Manzengwenyagroep. Die Chuniespoortgroep se chiasmafrekvensie is veel hoër as dié van die Manzengwenyagroep (Tabel 3.2 no. 43). Dié verskil is duidelik waarneembaar op die histogramme (Figuur 3.4 no. 55; 56). Die Chuniespoortgroep het heelwat minder bivalente met een chiasma en baie met meer as een in vergelyking met die Manzengwenyagroep.

Abisares viridipennis

Die agt individue wat ondersoek is, toon besonder baie variasie in hul gemiddelde chiasmafrekvensies (Tabel 3.2 no. 48). Hierdie spesie het ook van die hoogste chiasmafrekvensies. Individu Z/81/127 vanaf Sibayimeer se chiasmafrekvensie is nog veel hoër as die res van die groep. Op die histogramme is dit duidelik dat hierdie individu 'n grootskaalse verhoging in bivalente met 2/meer chiasmata (G-, H- en M-tipes) het (Figuur 3.4 no. 62; 63). 'n Lokaliteitstudie sal meer lig werp op die vraag of dit 'n algemene situasie is dat daar soveel tussen-individu variasie bestaan ten opsigte van die chiasmafrekvensie.

Acanthacris ruficornis

Alhoewel net twee individue ondersoek is, is dit interessant om te merk hoe hul meioses verskil. Individu Z/82/201, vanaf Hebronberg, se gemiddelde chiasmafrewensie is heelwat laer as individu Z/83/06 vanaf Pretoria-omgewing (Tabel 3.2 no. 61). Die bivalenttipeverdelings is baie ooreenstemmend, behalwe vir die verhoging van veral G-tipes wat deur 'n daling in B- en C--tipes gekompenseer word by Z/83/06 (Figuur 3.4 no. 78; 79).

Oraistes luridus

Die meiose van individu Z/83/144 verskil heelwat van die ander drie in hierdie groep. Die groep het besonder baie een-chiasma bivalente van die A-tipe. B-tipes, met intersiële chiasmata, is besonder skaars, (Figuur 3.4 no. 98; 99). Die vraag ontstaan of dit toevallig is of nie .

Chrotogonus hemipterus

Hierdie vlerklose sprinkaan is vanaf verskeie lokaliteite versamel. Daar is relatief groot verskille in die verskeie meioses. Individu Z/81/34 (vanaf Wilgerivier) het 'n besondere hoë gemiddelde chiasmafrewensie (15,10), wat veral te wyte is aan die hoë persentasie voorkoms van G-tipes. Individu Z/81/47 (vanaf Kosibaai), aan die ander kant, se chiasmafrewensie is baie laag (11,60). Die histogramme wys hierdie verskille duidelik (Figuur 3.4 no. 117-119).

Die vlerkloosheid lei tot gebiedsbepërking en spesifieke intra-bevolkingsewolusie. Lokaliteitstudies behoort besonder interessante informasie op te lewer.

Maura rubroornata

Alhoewel net twee individue ondersoek is, verskil hul meioses grootliks. Individu Z/79/10 is vanaf Carolina en Z/83/28 vanaf Champagne Castle. Individu Z/79/10 het 'n besondere hoë persentasie interstisiële chiasmata (B-tipes) (Figuur 3.4 no. 121; 122).

3.3.8 INTERSPESIEVERSILLE

3.3.8.1 Kariotipiese verskille

Vier verskillende spesies van die genus Pyrgomorpha (**PYRGOMORPHIDAE**) is ondersoek, waar omtrent almal verskillende $2n\sigma$ -aantalle bevat. P. cylindrica se $2n\sigma=11$, P. granulata se $2n\sigma=13$, P. spesie (A) se $2n\sigma=13$ en P. spesie (B) se $2n\sigma=19$.

Die manlike kariotipe van P. cylindrica bevat vier submeta-sentriese outosoompare, een akrosentriese outosoompaar en een akrosentriese X-chromosoom (Figuur 3.3 no. 77). Hierdie nie-akrosentriese bivalente lewer heeltemal ander bivalenttipes.

Die gemiddelde bivalenttipeverdeling van die drie individue is:

Bivalenttipes (%)									
A	B	F	G	Z ₁	Z ₃	Z ₄	Z ₅	Q	R
17,11	2,44	2,22	0,45	0,22	31,33	29,56	6,44	8,45	0,45
S	T								
1,11	0,22								

Proksimale chiasmata is baie skaars. C-tipes is afwesig en G-tipes is skaars. Die gemiddelde chiasmafrewensie is heelwat laer as dié met $2n\sigma=19$ (Tabel 3.2 no. 98, 101). Metafase I is skematies voorgestel in Figuur 3.2 (no. 49).

Die manlike kariotipe van P. granulata bevat drie submeta-sentriese outosoompare, drie akrosentriese outosoompare en 'n akrosentriese X-chromosoom (Figuur 3.3 no. 78). Sien Figuur 3.2 (no. 50) vir 'n voorbeeld van metafase I. Hier ook is die bivalenttipeverdeling heeltemal verskillend van die $2n\sigma=19$ kariotipes. Die gemiddelde bivalenttipeverdeling is:

Bivalenttipes (%)									
A	B	C	E	F	Z ₁	Z ₃	Z ₄	Z ₅	Q
38,82	10,56	2,09	1,48	5,34	0,63	18,11	14,78	4,55	2,54
R	S	T							
0,42	0,35	0,28							

Die gemiddelde chiasmafrewensie is baie soortgelyk aan P. cylindrica, behalwe vir die verhouding van een chiasma bivalente tot meer as een (Tabel 3.2 no. 99).

Die $2n\overset{\nearrow}{=}19$ karotipe van P. spesie (B) is soortgelyk aan die ander $2n\overset{\nearrow}{=}19$ spesies.

3.3.8.2 Die mate van rekombinasie

Die gemiddelde chiasmafrekwensies (Tabel 3.2) weerspieël die mate van rekombinasie binne 'n spesie. Verskillende spesies van verskillende genera kan vergelyk word ten opsigte van die mate van rekombinasie wat voorkom.

Die genus Gymnobothrus (Tabel 3.2 no. 21-23) wys duidelik relatief groot verskille in die chiasmafrekwensies van die verskillende spesies. G. cruciatus het grootskaalse beperking in die hoeveelheid chiasmata wat per sel voorkom (reeds bespreek).

Alhoewel min individue van die genus Acorypha ondersoek is, (Tabel 3.2 no. 46; 47), is hier duidelike verskille in die gemiddelde chiasmafrekwensies van die verskillende spesies.

Baie tussen-spesie variasie ten opsigte van die gemiddelde chiasmafrekwensies bestaan in die genus Pseudoarocyptera (Tabel 3.2 no. 87-89). P. carvalhoi is ook een van die chiasmabeperkende groepe (reeds bespreek).

Die **LENTULIDAE** is vlerklose sprinkane en gevolglik relatief onbeweeglik. Die bevolkings neig om geïsoleerd te raak met 'n eie intrabevolkingsewolutiepatroon. Daar is variasie in die gemiddelde chiasmafrekwensies van die verskillende spesies

(Tabel 3.2 no. 108-115). Eremidium, waar drie verskillende spesies ondersoek is, toon grootskaalse verskille ten opsigte van die mate van rekombinasie. Intensiewe bevolkingsondersoeke is wenslik.

3.3.9 DIE VOORKOMS VAN DITAKTIESE BIVALENTE (EKSTRINSIEKE CHIASMATA)

Uit die hele versameling het 73 (16,67%) individue bivalente met ekstrinsieke chiasmata in hul meioses. Meeste van hierdie tipe bivalente kom in die subfamilies van die **ACRIDIDAE** voor (64 individue). Die subfamilie **ACRIDINAE**, waarvan die meeste individue versamel is, bevat ook die grootste deel van hierdie groep (43 individue).

In die **PYRGOMORPHIDAE** is hierdie bivalenttipes ook relatief volop (5 uit 48 = 10,42%).

Uit Tabel 3.6 (bladsy 109) is dit duidelik dat hierdie bivalenttipes in sekere genera en spesies 'n algemene verskynsel is, byvoorbeeld: Acrotylus, Aiolopus, Gymnbothrus, Oedaleus, Orthochtha, Brachycrotaphus en Truxaloides (Tabel 3.6 no. 3-6; 7; 15-16; 20-22; 23-25; 40; 45).

Die ekstrinsieke bivalente kom teen 'n relatief hoë frekwensie in Oedaleus nigrofasciatus, en Brachycrotaphus tryxalicerus voor (Tabel 3.6 no. 22; 40). Die rede hiervoor is die verlengde kort arms as gevolg van perisentriese inversies

(reeds bespreek). Die gegewe persentasie ekstrinsieke bivalente by O. nigrofasciatus is in werklikheid 'n onderskating. Dit is besonder moeilik om bivalente met ekstrinsieke chiasmata te onderskei van die ander, en gevolglik is hulle volgens akrosentriese konfigurasies geklassifiseer, byvoorbeeld: Z_3 as G, Z_4 as J of H en Z_5 as I of H ensovoorts.

3.3.10 **ASINAPSE VAN HOMOLOË CHROMOSOOMPAAR**

Die sinapse van normale homoloë chromosoompare is besonder akkuraat in al die sprinkaanfamilies. By inversieheterosigote is die situasie blykbaar anders. Brûe en fragmente tydens meiose van parasentriese inversieheterosigote is baie selde aangetoon en is blykbaar as gevolg van asinapse van die inversiesegment. Asinapse kom dan ook waarskynlik by perisentriese inversieheterosigote voor. Slegs 19 (4,34%) individue, van hierdie versameling, het monovalente tydens meiose getoon. Die individu Z/82/116 van Oraistes luridus het 'n besondere hoë frekwensie monovalentpare (Tabel 3.6 no. 38). Twee chromosoompare neig om gereeld as monovalente of as losgebinde bivalente voor te kom (Figuur 3.2 no. 33). Uit die 30 meiosiete wat ondersoek is, is 11 monovalentpare (3,45%) gevind. In een sel was selfs 4 monovalente. Die oorsaak hiervan is nie identifiseerbaar nie.

TABEL 3.2 Opsomming van chiasma-analise en verhouding van bivalente met een chiasma tot meer as een chiasma

* Die spesiename is nie onderstreep nie. Dit vergemaklik die lees van die tabel

SPESEIE	2n	CHIASMA- ANALISE / SEL (a)	CHIASMA- ANALISE/II (b)	$\frac{1/x}{2/x}$ (c)
<u>ACRIDIDAE</u>				
<u>ACRIDINAE</u>				
1 <i>Acrida bicolor</i> (Thunb) n=3	23	15,85 \pm 1,45 <hr/> 5,35 \pm 0,85	1,44 \pm 0,13 <hr/> 0,49 \pm 0,08	58,64 \pm 11,06 <hr/> 41,36 \pm 11,06
2 <i>Acrida suphuripennis</i> (Gerst) n=5	23	15,55 \pm 1,52 <hr/> 5,37 \pm 0,70	1,42 \pm 0,14 <hr/> 0,49 \pm 0,07	62,61 \pm 12,31 <hr/> 37,39 \pm 12,31
3 <i>Acrida turrita</i> (Linn) n=8	23	14,89 \pm 1,22 <hr/> 4,42 \pm 1,32	1,35 \pm 0,11 <hr/> 0,40 \pm 0,20	67,82 \pm 8,25 <hr/> 32,18 \pm 8,25
4 <i>Acrotylus angulatus</i> (Stål) n=4	23	16,11 \pm 1,69 <hr/> 5,39 \pm 1,82	1,47 \pm 0,16 <hr/> 0,49 \pm 0,17	58,33 \pm 11,06 <hr/> 41,67 \pm 11,06
5 <i>Acrotylus deustus</i> (Thunb) n=1	23	14,47 <hr/> 5,47	1,32 <hr/> 0,50	70,00 <hr/> 30,00
6 <i>Acrotylus diana</i> (Karny) n=1	23	14,20 <hr/> 3,90	1,29 <hr/> 0,35	72,27 <hr/> 27,73
7 <i>Acrotylus furcifer</i> (Sauss) n=11	23	15,28 \pm 0,92 <hr/> 5,27 \pm 1,30	1,41 \pm 0,10 <hr/> 0,48 \pm 0,12	62,28 \pm 7,73 <hr/> 37,72 \pm 7,73
8 <i>Acrotylus mossam- bicus</i> (Brancs)n=6	23	15,29 \pm 2,19 <hr/> 6,05 \pm 1,38	1,39 \pm 0,20 <hr/> 0,55 \pm 0,13	65,00 \pm 15,91 <hr/> 35,00 \pm 15,91
9 <i>Acrotylus patruelis</i> (Herrich-Schaeffer) n=8	23	14,59 \pm 1,29 <hr/> 4,92 \pm 1,45	1,33 \pm 0,12 <hr/> 0,46 \pm 0,12	69,09 \pm 10,30 <hr/> 30,91 \pm 10,30
10 <i>Aiolopus latus</i> (Uvarov) n=1	23	14,43 <hr/> 5,17	1,31 <hr/> 0,47	72,42 <hr/> 27,58
11 <i>Aiolopus thalassinus</i> (Fabr) n=16	23	14,79 \pm 0,89 <hr/> 5,62 \pm 1,09	1,34 \pm 0,08 <hr/> 0,51 \pm 0,10	68,64 \pm 5,91 <hr/> 31,36 \pm 5,91

(a) $\frac{\text{Gemiddelde aantal chiasmata per meiosiet}}{\text{Gemiddelde aantal chiasmata geterminaliseerd per meiosiet}}$

(b) $\frac{\text{Gemiddelde aantal chiasmata per bivalent}}{\text{Gemiddelde aantal chiasmata geterminaliseerd per bivalent}}$

(c) $\frac{\text{Gemiddelde \% bivalente met een chiasma}}{\text{Gemiddelde \% bivalente met meer as een chiasma}}$

n = die aantal individue van die betrokke spesie wat bestudeer is

2n= sigotiese aantal outosome + X (B-chromosome uitgesluit)

nr= 'near' = naby = amper soortgelyk

TABEL 3.2 (Vervolg)

12	<i>Anaeolopus socius</i> (Stål) n=9	23	$13,54 \pm 0,67$ $\frac{6,00 \pm 1,30}{}$	$1,23 \pm 0,06$ $\frac{0,55 \pm 0,12}{}$	$77,73 \pm 5,31$ $\frac{22,27 \pm 5,31}{}$
13	<i>Cannula gracilis</i> (Burm) n=2	23	$13,37 \pm 0,60$ $\frac{4,09 \pm 0,12}{}$	$1,16 \pm 0,06$ $\frac{0,37 \pm 0,01}{}$	$79,03 \pm 5,47$ $\frac{20,97 \pm 5,47}{}$
14	<i>Coryphosima pro-</i> <i>ducta</i> (Walk) n=5	23	$14,55 \pm 1,58$ $\frac{4,97 \pm 0,74}{}$	$1,33 \pm 0,15$ $\frac{0,45 \pm 0,07}{}$	$71,21 \pm 11,21$ $\frac{28,79 \pm 11,21}{}$
15	<i>Coryphosima vacina</i> (Dirsh) n=3	23	$14,80 \pm 1,00$ $\frac{5,50 \pm 1,73}{}$	$1,35 \pm 0,10$ $\frac{0,50 \pm 0,16}{}$	$65,91 \pm 8,64$ $\frac{34,09 \pm 8,64}{}$
16	<i>Duronia chloronota</i> (Stål) n=3	23	$16,80 \pm 0,50$ $\frac{6,29 \pm 0,92}{}$	$1,53 \pm 0,05$ $\frac{0,57 \pm 0,08}{}$	$53,19 \pm 4,40$ $\frac{46,81 \pm 4,40}{}$
	<i>Duronia chloronota</i> Z/83/137 n=1		$14,07$ $\frac{4,73}{}$	$1,28$ $\frac{0,43}{}$	$73,64$ $\frac{26,36}{}$
17	<i>Gastrimargus afri-</i> <i>canus</i> (Sauss)n=4	23	$13,17 \pm 0,30$ $\frac{6,59 \pm 2,02}{}$	$1,20 \pm 0,03$ $\frac{0,60 \pm 0,18}{}$	$80,43 \pm 2,25$ $\frac{19,57 \pm 2,25}{}$
18	<i>Gastrimargus crassi-</i> <i>collis</i> (Sauss)n=1	23	$13,70$ $\frac{4,10}{}$	$1,25$ $\frac{0,37}{}$	$75,46$ $\frac{24,54}{}$
19	<i>Gastrimargus vitri-</i> <i>pennis</i> (Sauss)n=7	23	$13,87 \pm 1,44$ $\frac{6,04 \pm 0,77}{}$	$1,26 \pm 0,13$ $\frac{0,55 \pm 0,07}{}$	$74,50 \pm 11,78$ $\frac{25,50 \pm 11,78}{}$
20	<i>Gastrimargus wahl-</i> <i>bergi</i> (Stål) n=2	23	$14,20 \pm 0,60$ $\frac{5,50 \pm 1,70}{}$	$1,30 \pm 0,06$ $\frac{0,50 \pm 0,15}{}$	$71,97 \pm 4,70$ $\frac{28,03 \pm 4,70}{}$
21	<i>Gymnbothrus crucia-</i> <i>tus</i> (I.Bol) n=3	23	$11,00$ $\frac{2,59 \pm 0,09}{}$	$0,00$ $\frac{0,23 \pm 0,01}{}$	$99,85 \pm 0,15$ $\frac{0,15 \pm 0,15}{}$
22	<i>Gymnbothrus linea-</i> <i>alba</i> (I.Bol) n=2	23	$14,01 \pm 0,36$ $\frac{3,8 \pm 0,60}{}$	$1,28 \pm 0,04$ $\frac{0,35 \pm 0,06}{}$	$72,65 \pm 3,27$ $\frac{27,35 \pm 3,27}{}$
23	<i>Gymnbothrus tempo-</i> <i>ralis</i> (Stål) n=22	23	$13,48 \pm 1,35$ $\frac{5,03 \pm 1,20}{}$	$1,23 \pm 0,13$ $\frac{0,46 \pm 0,11}{}$	$77,51 \pm 12,19$ $\frac{22,49 \pm 12,19}{}$
24	<i>Heteropternis thora-</i> <i>cica</i> (Walk) n=1	23	$14,00$ $\frac{4,80}{}$	$1,27$ $\frac{0,44}{}$	$72,73$ $\frac{27,27}{}$
25	<i>Heteropternis</i> sp n=1	23	$14,63$ $\frac{3,63}{}$	$1,33$ $\frac{0,33}{}$	$69,09$ $\frac{30,91}{}$
26	<i>Humbe tenuicornis</i> (Schaum) n=6	23	$13,79 \pm 0,69$ $\frac{5,34 \pm 0,84}{}$	$1,31 \pm 0,08$ $\frac{0,49 \pm 0,08}{}$	$76,97 \pm 4,55$ $\frac{23,03 \pm 4,55}{}$
	<i>Humbe tenuicornis</i> Z/82/24 n=1		$15,17$ $\frac{5,77}{}$	$1,19$ $\frac{0,46}{}$	$63,64$ $\frac{36,36}{}$

TABEL 3.2 (Vervolg)

27	<i>Locusta migratoria migratorioides</i> (R&F) n=2	23	$16,22 \pm 0,29$ $\frac{7,27 \pm 0,20}{}$	$1,48 \pm 0,03$ $\frac{0,66 \pm 0,02}{}$	$57,27 \pm 1,82$ $\frac{42,73 \pm 1,82}{}$
28	<i>Machaeridia bilineata</i> (Stål) n=1	23	$11,07$ $\frac{2,97}{}$	$1,00$ $\frac{0,27}{}$	$99,09$ $\frac{0,91}{}$
29	<i>Morphacris fasciata</i> (Thunb) n=21	23	$14,04 \pm 1,44$ $\frac{4,84 \pm 0,85}{}$	$1,28 \pm 0,13$ $\frac{0,44 \pm 0,08}{}$	$75,45 \pm 10,00$ $\frac{24,55 \pm 10,00}{}$
30	<i>Oedaleus carvalhoi</i> (I.Bol) n=18	23	$15,32 \pm 1,82$ $\frac{4,27 \pm 1,57}{}$	$1,40 \pm 0,17$ $\frac{0,39 \pm 0,14}{}$	$65,76 \pm 12,43$ $\frac{34,24 \pm 12,43}{}$
31	<i>Oedaleus flavus</i> (Linn) n=1	23	$14,42$ $\frac{5,50}{}$	$1,31$ $\frac{0,50}{}$	$73,86$ $\frac{26,14}{}$
32	<i>Oedaleus nigrofasciatus</i> (De Geer) n=2	23	$14,48 \pm 0,05$ $\frac{5,90 \pm 0,07}{}$	$1,32 \pm 0,01$ $\frac{0,54 \pm 0,01}{}$	$70,61 \pm 0,00$ $\frac{29,39 \pm 0,00}{}$
33	<i>Oedaleus plenus</i> (Walk) n=1	23	$14,36$ $\frac{5,55}{}$	$1,31$ $\frac{0,50}{}$	$71,07$ $\frac{28,93}{}$
34	<i>Orthochtha dasycnemis</i> (Gerst) n=5	23	$15,35 \pm 0,52$ $\frac{5,95 \pm 1,05}{}$	$1,40 \pm 0,05$ $\frac{0,55 \pm 0,10}{}$	$62,12 \pm 5,15$ $\frac{37,88 \pm 5,15}{}$
35	<i>Orthochtha prasina</i> (I.Bol) n=4	23	$16,44 \pm 1,10$ $\frac{6,65 \pm 0,99}{}$	$1,50 \pm 0,10$ $\frac{0,60 \pm 0,09}{}$	$54,74 \pm 11,41$ $\frac{45,26 \pm 11,41}{}$
36	<i>Orthochtha tunstali</i> (ms naam Popov) n=3	23	$16,05 \pm 0,55$ $\frac{7,54 \pm 1,34}{}$	$1,46 \pm 0,05$ $\frac{0,69 \pm 0,13}{}$	$56,97 \pm 3,03$ $\frac{43,03 \pm 3,03}{}$
37	<i>Orthochtha zuluen-sis</i> (ms naam Popov) n=6	23	$14,99 \pm 1,49$ $\frac{5,10 \pm 0,67}{}$	$1,37 \pm 0,14$ $\frac{0,46 \pm 0,06}{}$	$67,27 \pm 11,21$ $\frac{32,73 \pm 11,21}{}$
38	<i>Paracinema tricolor</i> (Thunb) n=7	23	$14,92 \pm 0,52$ $\frac{5,17 \pm 0,60}{}$	$1,36 \pm 0,05$ $\frac{0,47 \pm 0,05}{}$	$68,18 \pm 3,03$ $\frac{31,82 \pm 3,03}{}$
39	<i>Paraparga brunnea</i> (Miller) n=1	23	$15,30$ $\frac{5,40}{}$	$1,39$ $\frac{0,49}{}$	$63,33$ $\frac{36,67}{}$
40	<i>Paraparga brevipennis</i> (I.Bol) n=8	23	$15,37 \pm 1,10$ $\frac{6,32 \pm 0,52}{}$	$1,36 \pm 0,09$ $\frac{0,61 \pm 0,08}{}$	$63,03 \pm 8,79$ $\frac{36,97 \pm 8,79}{}$
41	<i>Paraparga ? strigosa</i> (I.Bol) n=1	23	$16,40$ $\frac{7,40}{}$	$1,49$ $\frac{0,67}{}$	$57,58$ $\frac{42,42}{}$
42	<i>Parga xanthoptera</i> (Stål) n=1	23	$15,62$ $\frac{9,15}{}$	$1,42$ $\frac{0,83}{}$	$58,04$ $\frac{41,96}{}$

TABEL 3.2 (Vervolg)

43	<i>Pternoscirtus pallidus</i> (Walk) n=2 (Manzengwenya)	23	$14,54 \pm 0,31$ $\frac{6,22 \pm 0,32}{}$	$1,32 \pm 0,03$ $\frac{0,57 \pm 0,03}{}$	$70,76 \pm 3,18$ $\frac{29,24 \pm 3,18}{}$
	<i>Pternoscirtus pallidus</i> n=3 (Chuniespoort)		$17,35 \pm 0,38$ $\frac{8,29 \pm 0,59}{}$	$1,58 \pm 0,04$ $\frac{0,67 \pm 0,03}{}$	$51,82 \pm 0,91$ $\frac{48,18 \pm 0,91}{}$
44	<i>Sphingonotus scabriculus</i> (Stål) n=1	23	14,50 $\frac{5,60}{}$	1,32 $\frac{0,51}{}$	69,70 $\frac{30,30}{}$
45	<i>Trilophidia conturbata</i> (Kirby) n=11	23	$13,70 \pm 0,57$ $\frac{4,75 \pm 1,72}{}$	$1,25 \pm 0,06$ $\frac{0,44 \pm 0,16}{}$	$76,03 \pm 4,82$ $\frac{23,97 \pm 4,82}{}$
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>CALLIPTAMINAE</u>					
46	<i>Acorypha ferri-fer</i> (Walk) n=1	23	16,74 $\frac{7,48}{}$	1,52 $\frac{0,68}{}$	51,78 $\frac{48,22}{}$
47	<i>Acorypha pallidicornis</i> (Stål) n=3	23	$14,57 \pm 0,80$ $\frac{5,44 \pm 0,57}{}$	$1,33 \pm 0,08$ $\frac{0,50 \pm 0,06}{}$	$71,67 \pm 5,00$ $\frac{28,33 \pm 5,00}{}$
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>CATANTOPINAE</u>					
48	<i>Abisares viridipennis</i> (Uvarov) n=8	23	$16,02 \pm 1,89$ $\frac{6,57 \pm 1,37}{}$	$1,54 \pm 0,26$ $\frac{0,60 \pm 0,13}{}$	$57,12 \pm 15,31$ $\frac{42,88 \pm 15,31}{}$
49	<i>Anthermus granosus</i> (Stål) n=1	23	14,80 $\frac{6,27}{}$	1,35 $\frac{0,57}{}$	66,67 $\frac{33,33}{}$
50	<i>Cardeniopsis nigropunctatus</i> (I. Bol) n=1	23	14,23 $\frac{5,33}{}$	1,29 $\frac{0,48}{}$	71,21 $\frac{28,79}{}$
51	<i>Cardeniopsis</i> sp nimf n=1	23	14,63 $\frac{5,03}{}$	1,33 $\frac{0,46}{}$	68,48 $\frac{31,52}{}$
52	<i>Catantops bifidus</i> (Karsch) n=1	23	14,46 $\frac{7,00}{}$	1,31 $\frac{0,64}{}$	69,70 $\frac{30,30}{}$
53	<i>Catantops fasciatus</i> (Karny) n=2	23	$13,35 \pm 0,42$ $\frac{5,30 \pm 0,70}{}$	$1,22 \pm 0,04$ $\frac{1,25 \pm 0,07}{}$	$80,00 \pm 2,73$ $\frac{20,00 \pm 2,73}{}$
54	<i>Catantops melanostictus</i> (Schaum) n=8	23	$13,20 \pm 0,70$ $\frac{6,49 \pm 1,19}{}$	$1,20 \pm 0,06$ $\frac{0,59 \pm 0,11}{}$	$80,30 \pm 6,06$ $\frac{19,70 \pm 6,06}{}$
55	<i>Catantops melanostictus</i> subsp n=5	23	$13,34 \pm 0,51$ $\frac{5,38 \pm 0,81}{}$	$1,32 \pm 0,15$ $\frac{0,49 \pm 0,07}{}$	$80,15 \pm 4,09$ $\frac{19,85 \pm 4,09}{}$

TABEL 3.2 (Vervolg)

56	Catantops spissus (Walk) n=1	23	14,30 <hr/> 6,67	1,30 <hr/> 0,61	70,61 <hr/> 29,39
57	Eupropacris cylindricollis (Schaum) n=3	23	14,46 _{+0,17} <hr/> 5,28 _{+0,70}	1,24 _{+0,09} <hr/> 0,42 _{+0,12}	70,23 _{+1,75} <hr/> 29,77 _{+1,75}
58	Frontifissia laevata (Dirsh)n=2	23	13,82 _{+0,05} <hr/> 4,72 _{+0,62}	1,26 _{+0,01} <hr/> 0,43 _{+0,06}	74,85 _{+0,00} <hr/> 25,15 _{+0,00}
59	Phaeocatantops decoratus (Gerst) n=3	23	13,57 _{+0,67} <hr/> 5,10 _{+0,63}	1,23 _{+0,06} <hr/> 0,47 _{+0,06}	78,94 _{+4,70} <hr/> 21,06 _{+4,70}
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>COPTACRIDINAE</u>					
60	Parepistaurus sp n=1	23	15,00 <hr/> 6,23	1,36 <hr/> 0,57	64,85 <hr/> 35,15
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>CYRTACANTHACRIDINAE</u>					
61	Acanthacris ruficornis (Fabr)n=1 Z/82/201	23	14,20 <hr/> 6,80	1,29 <hr/> 0,62	71,21 <hr/> 28,79
	Acanthacris ruficornis n=1 Z/83/06		16,27 <hr/> 8,13	1,48 <hr/> 0,74	58,18 <hr/> 41,82
62	Cyrtacanthacris aeruginosa (Stål) n=1	23	15,63 <hr/> 7,17	1,42 <hr/> 0,65	64,85 <hr/> 35,15
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>EURYPHYMINAE</u>					
63	Amblyphymus ? adspersus (I.Bol) n=2	23	13,77 _{+0,34} <hr/> 4,54	1,25 _{+0,03} <hr/> 0,42 _{+0,01}	74,57 _{+2,75} <hr/> 25,43 _{+2,75}
64	Amblyphymus roseus (Uvarov) n=1	23	14,27 <hr/> 5,90	1,30 <hr/> 0,54	71,82 <hr/> 28,18
65	Calliptamicus semiroseus (Serv)n=5	23	14,24 _{+0,87} <hr/> 6,75	1,30 _{+0,08} <hr/> 0,62 _{+0,11}	73,45 _{+6,25} <hr/> 26,55 _{+6,25}
66	Aneuryphymus erythropus (Thunb) n=1	23	14,83 <hr/> 6,63	1,35 <hr/> 0,60	66,06 <hr/> 33,94
67	Euryphymus tuberculatus (Mart) n=1	23	16,43 <hr/> 5,80	1,49 <hr/> 0,53	58,79 <hr/> 41,21

TABEL 3.2 (Vervolg)

<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>EYPREPOCNEMIDINAE</u>					
68	Cataloipus cognatus (Walk) n=1	23	14,20 <hr/> 9,10	1,29 <hr/> 0,83	70,91 <hr/> 29,09
69	Heteracris ? pulchripes (I.Bol) n=2	23	15,65±0,72 <hr/> 6,52±0,82	1,43±0,07 <hr/> 0,59±0,07	59,25±5,31 <hr/> 40,75±5,31
70	Heteracris sp nimf n=1	23	13,97 <hr/> 6,77	1,27 <hr/> 0,62	73,33 <hr/> 26,67
71	Heteracris speciosa (Sjost) n=1	23	14,37 <hr/> 6,27	1,31 <hr/> 0,57	70,91 <hr/> 29,09
72	Tylotropidius gracilipes (Brancs) n=3	23	13,87±1,10 <hr/> 5,43±0,70	1,26±0,10 <hr/> 0,50±0,70	76,97±8,18 <hr/> 23,03±8,18
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>HEMIACRIDINAE</u>					
73	Dirshacris aridus (Brown) n=1 Z/82/21	23	16,53 <hr/> 5,87	1,50 <hr/> 0,53	52,12 <hr/> 47,88
	Dirshacris aridus Z/83/74 n=1	25	17,33 <hr/> 7,27	1,44 <hr/> 0,61	63,06 <hr/> 36,94
74	Leptacris montei-roi (I.Bol) n=1	23	15,23 <hr/> 8,53	1,38 <hr/> 0,78	62,73 <hr/> 37,27
75	Leptacris pretoriae (Miller) n=2	23	16,09±0,92 <hr/> 7,14±0,34	1,47±0,09 <hr/> 0,65±0,03	56,51±6,81 <hr/> 43,49±6,81
76	Oraistes luridus (Karsch) n=4	23	13,29±0,72 <hr/> 7,82±1,25	1,21±0,07 <hr/> 0,71±0,11	77,28±4,55 <hr/> 22,72±4,55
77	Spathosternum nr brevicorne (Uvarov) n=1	23	15,27 <hr/> 6,87	1,39 <hr/> 0,62	62,73 <hr/> 37,27
78	Spathosternum pygmaeum (Karsch) n=3	23	15,03±0,74 <hr/> 7,30±0,74	1,37±0,07 <hr/> 0,67±0,05	65,81±5,20 <hr/> 34,19±5,20
<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>OXYINAE</u>					
79	Oxya hyla (Serv) n=4	23	13,55±0,32 <hr/> 4,17±1,04	1,23±0,03 <hr/> 0,35±0,07	77,12±2,88 <hr/> 22,88±2,88

TABEL 3.2 (Vervolg)

<u>ACRIDIDAE</u>					
<u>TRUXALINAE</u>					
80	Anablepia sp n=2	23	$15,12 \pm 0,52$ $\frac{5,27 \pm 0,14}{}$	$1,38 \pm 0,05$ $\frac{0,48 \pm 0,01}{}$	$69,70 \pm 6,37$ $\frac{30,30 \pm 6,37}{}$
81	Brachycrotaphus tryxalicerus (Fischer) n=4	23	$14,87 \pm 0,80$ $\frac{7,55 \pm 1,58}{}$	$1,36 \pm 0,08$ $\frac{0,69 \pm 0,15}{}$	$67,58 \pm 6,37$ $\frac{32,42 \pm 6,37}{}$
82	Brachycrotaphus nr tryxalicerus (Fischer) n=1	23	13,93 $\frac{6,10}{}$	1,27 $\frac{0,55}{}$	73,64 $\frac{26,36}{}$
83	Dnopherula cruciata (I.Bol) n=2	23	$13,62 \pm 0,09$ $\frac{6,44 \pm 0,14}{}$	$1,24 \pm 0,01$ $\frac{0,56 \pm 0,01}{}$	$76,67 \pm 1,22$ $\frac{23,33 \pm 1,22}{}$
84	Faureia milanjica (Karsch) n=3	23	$13,57 \pm 0,14$ $\frac{6,69 \pm 0,19}{}$	$1,19 \pm 0,06$ $\frac{0,61 \pm 0,02}{}$	$77,12 \pm 1,67$ $\frac{22,88 \pm 1,67}{}$
85	Platypternodes bre- vipes (Stål) n=5	23	$12,72 \pm 0,95$ $\frac{4,40 \pm 0,83}{}$	$1,16 \pm 0,09$ $\frac{0,44 \pm 0,12}{}$	$84,40 \pm 8,64$ $\frac{15,60 \pm 8,64}{}$
